*Dr. J. H. Kroeze*

# GEVEG MET GOD

(die boek Job)

*N.G. Kerkboekhandel, Transvaal*

## *Woord Vooraf*

In hierdie eenvoudige verklaring van die boek Job gaan ek meesal en sover moontlik – maar nie altyd nie – uit van die Afrikaanse vertaling van 1953. Nie omdat dié vertaling nie anders en beter kon lui nie, maar omdat ek my voorstel dat my lesers belangstellende Bybellesers is wat ook hulle uitgangspunt neem oor die boek Job soos dit in ons Bybel voorkom.

Wie in vertalingskwessies belangstel, word verwys na my verklaring van Job in die „Commentaar op het Oude Testament", Kok, Kampen, 1961, en na my vertaling en verklaring van Job in die reeks „Korte verklaring der Heilige Schrift met nieuwe vertaling", Kok, Kampen, 1960.

# INHOUD


Die titel van hierdie boek 1
Die aanleiding tot die geveg 2
Job se eerste reaksie 4
Die toets swaarder gemaak 6
Die vrou van Job 7
Die vriende kom 7
'n Man deur God aan alle kante ingesluit 8
Eerste antwoord van Élifas aan Job 12
Antwoord van Job aan Élifas 17
Eerste antwoord van Bildad 23
Antwoord van Job aan Élifas en Bildad 25
Eerste antwoord van Sofar 32
Antwoord van Job aan die drie vriende 34
Tweede antwoord van Élifas aan Job 42
Tweede antwoord van Job aan Élifas 45
Tweede antwoord van Bildad 49
Tweede antwoord van Job aan Bildad 51
Tweede antwoord van Sofar 55
Tweede antwoord van Job aan Sofar 57
Derde antwoord van Élifas aan Job 60
Derde antwoord van Job aan Élifas 64
Derde antwoord van Bildad 68
Derde antwoord van Job aan Bildad 69
Verdere spreuk van Job (1) 72
God het die wysheid 75
Verdere spreuk van Job (2) 79
Verdere spreuk van Job (3) 83
Job se reinigingsede 87
Die optrede van Elíhu (hfst. 32 en 33) 96
Die optrede van Elíhu (vervolg) (hfst. 34) 100
Die optrede van Elíhu (vervolg) (hfst. 35) 103
Die optrede van Elíhu (vervolg) (hfst. 36) 104
Die optrede van Elíhu (slot) (hfst. 37) 108
Die HERE antwoord Job (I) 110
Die eerste antwoord van Job (39 : 34–38) 120
Die HERE antwoord Job (II) (hfst. 40 en 41) 120
Die tweede antwoord van Job (42 : 1–6) 123
Slot (42 : 7–17) 125


## *Die titel van hierdie boek*

Die titel van hierdie boek „Geveg met God" klink hard. Maar die boek Job ís hard. Dit is 'n boek van stryd tussen God en die Satan, maar ook tussen 'n vrome en sy God. Dit is 'n boek van geweldige dinge en groot teenstellings, van verpletterende rampe, van woordestryd en kwetsende beskuldigings, van vroomheid en versoeking, van vertwyfeling en verwagting.

As gevolg van die stryd tussen God en die Satan oor Job, 'n stryd wat in Job se lewe uitgeveg word, raak Job self ook in die war en begin hy met God oor sy lot veg. Dit is nou ons onderwerp van bespreking. Die titel van hierdie boek kan dus nader omskryf word as: Die geveg van 'n vrome met sy God.

Dat 'n vrome veg met sy God! Kan dit? Mag dit? Ons sal sien! Ons wil die verloop van die geveg volg en sien wat daarvan word.

Om die verloop van die geveg te volg, sal nie altyd maklik gaan nie. Die boek Job is 'n breed opgesette digterlike boek met baie, soms wydlopige, uitweidings. Ons moet oppas vir die gevaar om „deur die bome die bos nie meer te sien nie". Die lyn wat ons wil volg, is die voortgang van die geveg van Job met sy God. Dit is 'n lyn met baie sylyne. Op die digterlike sylyne kom allerlei interessante onderwerpe aan die orde, wat soms kort, soms breed uitgewerk word. Om die hooflyn te volg, sal ons moet let op die aanleiding tot die geveg van Job met sy God, op die verloop van die geveg en die afloop daarvan.

Wat laasgenoemde betref moet ons die gang van sake vooruitloop. Oor die afloop lees ons in die laaste hoofstuk van die boek Job, waar Job sê: „So het ek dan gespreek sonder om te verstaan, dinge te wonderbaar vir my, wat ek nie begryp nie. Daarom herroep ek en het berou in stof en as" (42 : 3, 6). Hiermee erken hy dat hy probeer veg het met 'n mag buite sy bereik. Hierdie erkentenis stem ooreen met die in die begin van hierdie geskiedenis as hy sê: „Die HERE het gegee, en die HERE het geneem: die Naam van die HERE sy geloofd" (1 : 21). Wat Job hiermee erken is dat God *soewerein* is, d.w.s. vrymagtig: Hy kan maak soos Hy wil. God antwoord nie op Job se aanklagte nie. Hy gaan nie op sy aanvalle in nie. Hy gee geen rekenskap of verklaring nie. Van sy geding met Satan sê Hy niks nie. Dit is God se soewereiniteit. Hieronder verstaan ons dat God as Skepper en Regeerder van alle dinge oor alles die absolute seggenskap het. Daaraan is alle dinge onderworpe. En dit is die onderwerp in die boek Job; daaroor gaan dit hier. Dit is die prediking, die boodskap van die boek Job. Dit is die Ou-

Testamentiese illustrasie van die woorde van Paulus in Rom. 9:20: „O mens, wie is jy wat teen God antwoord?"

Die strekking van die boek Job is dus dat God soewerein is. Die boek Job is die boek van die soewereiniteit van God. En die gang van sake waaruit die soewereiniteit van God blyk, is die geveg van Job met sy God.

Die titel wat ons gekies het, het dus geen betrekking op die strekking van die boek Job nie, maar op *die gang van sake* waarin die soewereiniteit van God so duidelik na vore tree.

*Die aanleiding tot die geveg*

Ons verkeer as lesers van die boek Job in 'n besondere posisie nl. dat ons agter die skerms kan kyk en weet wat aangaan. Job self sit egter in die duister wat dit betref en begryp niks van die dinge wat oor hom gekom het nie.

Wat gaan aan?

Om agter die skerms te mag kyk, beteken in hierdie geval dat ons 'n blik in die hemel mag werp. Op 'n dag, so word aan ons vertel (1:6), kom die seuns van God om hulle voor die HERE te stel. In 2:1 lees ons weer daarvan. Dit lyk dus asof sodanige samekomste gereeld gehou is. Die tafereel herinner aan I Kon. 22 waar die profeet Miga, die seun van Jimla, sê: „Ek het die HERE sien sit op sy troon terwyl al die hemelse leërskare by Hom staan, aan sy regteren aan sy linkerhand" (vs. 19). In die boek Job word afsonderlik vermeld dat die Satan ook onder hulle gekom het; onder hulle, d.w.s. onder die seuns van God. In sulke uitdrukkings soos „seuns van God", „seuns van die profete", „kinders van Israel", beteken die woordjie „seun" of „kind" *behorende tot.* Dit dui dan 'n groep aan wat dieselfde eienskappe het of onder dieselfde omstandighede verkeer. „Profeteseuns" dui dan eenvoudig hulle aan wat tot die gilde van die profete behoort: profete.

Met „seuns van God" word dus bedoel hulle wat van God is, wat aan God behoort. Dit kan op verskillende maniere die geval wees, byvoorbeeld dat hulle aan God getrou is in teenstelling met hulle wat van God afvallig is (soos in Gen. 6:2), of dat hulle aan die kant van God staan in teenstelling met die stoflike wêreld. Dit is hier die geval. Daar is dus 'n samekoms van hemelwesens of engele. In die visioen van Miga word hulle die hemelse leërskare genoem.

Die Satan is ook onder hulle. Hy is ook 'n geestelike wese. Sy naam



beteken *teëstander*. Sy optrede blyk baie duidelik in die vierde gesig in die boek Sagaria, waar hy aan die hoëpriester Josua se regterhand staan om hom aan te kla. So word hy ook beskryf in Openbaring 12. Hy word daar ook draak en duiwel genoem en deur Migael en sy engele uit die hemel gewerp. (Jesus het dit voorsien, Luk. 10:18.) In die hemel klink dan die juigtoon: „Die aanklaer van ons broeders is neergewerp, hy wat hulle aanklaag voor onse God, dag en nag."

In die geskiedenis van Job is hy nog nie uit die hemel gewerp nie, maar maak hy sy verskyning onder die seuns van God. Die bewoording van 1:6 skep die indruk dat hy uit eie beweging gekom het, maar in 2:1 word uitdruklik gesê dat hy gekom het om hom voor die HERE te stel, asof hy daartoe verplig was.

Die Satan tree daar weer net so op soos hierbo aangaande hom beskryf is: hy kla Job aan! Hy beskuldig hom van onopregtheid in sy vroomheid. Intussen is dit God self wat die saak te berde bring! God begin self oor Job praat.

In die begin van die boek is Job aan ons voorgestel as 'n man wat vroom en opreg was, godvresend en wat afgewyk het van die kwaad. Dit is 'n ondubbelsinnige beskrywing van sy deugsaamheid. Daarby was hy ryk en voorspoedig, ryker as al die kinders van die Ooste. Waarskynlik vergelyk die Bybelskrywer Job met sy eie landgenote. Dan behoort Job ook tot die kinders van die Ooste en is hy geen Israeliet nie. Die kinders van die Ooste is die bewoners van die Siries-Arabiese woestyn, 'n uitgestrekte gebied waartoe o.a. die familie van Nahor en Laban (kyk Gen. 29:1) en die „Keturene", die afstammelinge van Abraham en Ketúra (kyk Gen. 25:6), behoort het. Ook Edom kan daartoe gereken word. Die naam van Job se land, Us, kom in Genesis 36:28 voor in Edomitiese stamverband en in 10:23 en 22:21 in Aramese stamverband.

In hierdie gebied het dus 'n vroom man gewoon.

Wanneer was dit?

Uit die name van die vriende van Job kan ons iets aflei. Élifas is 'n Temaniet en in Gen. 36:11 is Teman 'n seun van Élifas, die seun van Esau. Die vriend van Job kan dus 'n jongere Élifas uit daardie geslag gewees het. Bildad is 'n Suhiet. Hy kan so genoem word as hy 'n nakomeling is van Suag (=Suah), 'n seun van Abraham en Ketúra (Gen. 25:2). Hierdie name bring ons dus in die periode van die aartsvaders. In die ou tye was die kinders van die Ooste bekend deur hulle wysheid (1 Kon. 4:30). Veral Teman, die land van Élifas, was 'n land van wyse mense (Jer. 49:7). Volgens Bybelse begrippe sluit wysheid vroomheid in en ook met betrekking tot die vriende van Job kan nie ontken word dat hulle wyse en vrome mense was nie, al

loop hulle beskouings eensydig en skeef – soos verder in die boek Job blyk. Godvresendheid was in daardie tye nie so vreemd as wat Abraham vermoed het nie, soos hy erken in sy gesprek met die koning van Gerar (Gen. 20).

Meer kan ons oor die plek en die tyd en die lewenshouding van Job en sy tydgenote nie sê nie.

In die hemelse samekoms vra die HERE vir die Satan waar hy vandaan kom. Hy antwoord: „Van 'n swerftog oor die aarde, wat ek deurkruis het." Dit klink taamlik onskuldig! Petrus weet dat dit nie so onskuldig is nie; hy sê: „julle teëstander, die duiwel, loop rond soos 'n brullende leeu en soek wie hy kan verslind" (I Pet. 5:8). Die HERE vra hom dan of hy ook ag gegee het op sy kneg Job. Die HERE noem hom „sy kneg", 'n erenaam wat ook Abraham (Ps. 105:6), Moses (Num. 12:7) en Dawid (II Kon. 20:6) ontvang het. Met hierdie naam erken die HERE hulle diens aan hom! In die vraag van die HERE aan die Satan klink dan ook blydskap van die HERE oor Job. Die HERE gee dieselfde beskrywing van Job as wat die skrywer in 1:1 gedoen het en voeg daaraan toe, „daar is niemand op die aarde soos hy nie". Ons het dus te doen met 'n unieke geval!

Maar nou kom die aard van die Satan na vore! Hy sê dat die vroomheid van Job nie eg is nie, nie volkome aan God self toegewy is nie, maar slegs geskied vanweë die voordeel, om die profyt. God seën hom mos met groot rykdom! Die Satan weet dus wel hoe die ware diens van God moet wees! Dat hy Job van onopregtheid beskuldig, is 'n lelike insinuasie. Hy daag God uit om al sy rykdom van Job af te neem – dan, sê hy, sal Job God in sy aangesig seën, d.w.s. afskeid van Hom neem, sy rug op Hom draai. In sy aangesig: reguit en onomwonde.

Die HERE laat die Satan toe om sy bewering te bewys. Daarmee kom Job in die moeilikheid. Die geding tussen die Satan en God word afgespeel in sy lewe. God vertrou dat Job stand sal hou, maar dit kos hom stryd. En die Satan doen al wat hy kan om Job te beroof. Net na homself, het God gesê, mag hy sy hand nie uitsteek nie.

### *Job se eerste reaksie*

Die HERE laat die Satan toe om sy bewering te bewys.

Nou kom die vraag by ons: Mog die HERE dit doen? Mog Hy ter wille van die insinuasie van die Satan alle besittings van Job laat wegneem?



Die antwoord is ja, dit mag God doen kragtens sy albeskikkingsreg oor alle dinge, kragtens sy soewereiniteit. En Hy hoef aan Job ook geen verklaring te gee van sy rampspoede nie.

Job erken dit.

Die Satan het blykbaar groot mag en maak daarvan gewelddadig gebruik. Hy gebruik Sabeërs en Chaldeërs, roofsugtige stamme; hy gebruik ook natuurkragte: die vuur van God. d.w.s. weerlig, en woestynstorms. Job se beeste en kamele word geroof, sy kleinvee word deur die onweer doodgeslaan. Ook sy dienaars wat die vee oppas, kom om. Die ergste is dat 'n woestynwind die huis van die oudste van sy seuns inmekaar laat stort, terwyl al sy kinders daarin was by 'n feestelike maaltyd. Sy kinders word dus ook gereken tot sy aardse besittings. Al wat ontkom is die een wat telkens die berig van die ramp aan Job bring: vier „Jobsbodes" op een dag.

Toe het Job opgestaan en bedroef en ontstel oor soveel rampe sy mantel geskeur en sy hoof geskeer. Die hare is 'n sieraad wat nie by rou pas nie. Job is nou 'n arm man, maar hy het in aanbidding op die grond geval. Hy „seën", d.w.s. hy vloek God nie, draai nie sy rug op Hom nie, maar aanbid Hom in die erkenning van sy vrymag, sy soewereiniteit. Hy weet nie waarom die ramp hom tref nie; hy vra ook nie daarna nie; hy erken God se vrymag: Hy het gegee – Hy mag ook neem! Naak, sê hy, d.w.s. sonder besittings, het ek uit my moeder se skoot gekom, en naak sal ek daarheen terugkeer.

Daarheen! Waarheen? Na die skoot van sy moeder? Maar dit kan mos nie – so het Nikodémus later nugter opgemerk. Maar lees nou Psalm 139:15. Daar sê die digter dat sy gebeente kunstig geweef is in die dieptes van die aarde. Dit behoort dus tot die digterlike wêreldbeskouing om die moederskoot en die skoot van die aarde waaruit alles voortkom, gelyk te stel. Die digterlike voorstelling vind ons ook hier in Job se woorde: hy keer terug in die skoot van die aarde!

In aanbidding sê Job, „die Naam van die HERE sy geloofd!"

In hierdie eerste uitspraak van Job word dus die soewereiniteit van God, soos gesê die hoofinhoud van hierdie Bybelboek, erken.

En deurdat Job dit erken, verloor die Satan teen God. Job is wat God gesê het: vroom en opreg. Immers: „By dit alles het Job nie gesondig en aan God niks ongerymds toegeskrywe nie." Hy het God nie „geseën" nie.

*Die toets swaarder gemaak*

By die volgende hemelse samekoms (2:1) is die Satan wéér áánwesig. Op die vraag van die HERE waar hy vandaan kom, gee hy dieselfde antwoord as die eerste keer en oor Job sê hy niks nie. Hy het ook niks om te sê nie, want hy is die verloorder. Juis daarom begin die Here oor Job praat. Hy sê: „hy volhard nog in sy vroomheid, alhoewel jy My teen hom opgehits het om hom te vernietig sonder oorsaak", d.w.s. met 'n valse beskuldiging.

Die Satan wil nie toegee dat hy verloor het nie. Hy sê: „Huid vir huid." By hierdie origens onbekende uitdrukking sal ons moet dink aan die afgestroopte beesvel wat in die ou tye as betaalmiddel gedien het. Dan beteken die uitdrukking: gelyke waarde vir gelyke waarde, m.a.w. eerlik bly! Op bedekte wyse beskuldig die Satan die HERE daarvan dat Hy eintlik nie heeltemal eerlik was nie, deurdat Hy Hom te gou die oorwinning in die geskil oor Job se vroomheid toegeeien het. 'n Mens sal immers alles wat hy het, gee vir sy lewe en Job se lewe is nie bedreig nie. Die HERE het die Satan mos 'n beperking opgelê: „net na homself mag jy jou hand nie uitsteek nie". Die Satan het daarteen geen beswaar gehad nie. Sy bewering was mos dat Job ter wille van sy besittings godsdienstig was. Maar agterna maak hy tog beswaar. Hy sê: „Tas sy gebeente en sy vlees aan – waarlik, hy sal U in u aangesig seën!"

Die Satan stel nou 'n swaarder eis. Was dit wel heeltemal eerlik? Maar weer gee die HERE toe, so oortuig is Hy van die opregtheid van Job. Tog maak die HERE weer 'n beperking: „spaar net sy lewe". Job mag van wat die Satan hom aandoen, nie doodgaan nie. Dit is God se bewarende hand oor Job.

Die Satan het hierteen geen beswaar nie. Natuurlik nie, want as Job sterf, kan hy God nie meer vloek nie en dit is juis wat die Satan graag wil hoor. Trouens, om in sy vroomheid te volhard, moet Job ook in die lewe bly. Maar verder word Job oorgegee aan die planne van die Satan. Hardhandig pak hy Job aan. „Hy het Job met bose swere getref, van sy voetsool tot sy skedel." Ook dit was dus in die Satan se mag!

Met sy swere sit Job in die as of in die stof. Dit is 'n rougebruik. Sy swere is so erg dat hy 'n potskerf neem om hom daarmee te krap. Sal Job God nou „seën", sy rug op Hom draai?

Dit wag die Satan af.

Die toestand het 'n sekere tyd voortgeduur, sodat die houding van Job aan die lig kan kom. Job het na veel stryd weer uitgekom by



die erkenning van God se absolute soewereiniteit. Toe het God – nie die Satan nie, maar God – die lot van Job verander.

Intussen is dié tyd die eintlike proeftyd, die tyd waarin Job sy rampe en sy lyding geestelik moet verwerk.

*Die vrou van Job*

Terwyl Job in die stof sit, kom sy vrou by hom. Sy is nou ook arm en van kinders beroof. Hoe is haar reaksie? Dit blyk uit wat sy vir Job sê: „Volhard jy nog in jou vroomheid?" Sy kon dit nie begryp nie. Vir haar het vroomheid by so baie rampe geen sin en geen rede meer nie. Om in sulke omstandighede nog trou aan God te bly, is sekerlik 'n swaar geestelike inspanning. Sy self sien daarvoor blykbaar nie kans nie. Sy sê vir haar man: „Seën God, en sterf!" Dit sal makliker wees as om te volhard in vroomheid. Gee die stryd maar op! „Moenie eens die moeite doen nie." Sy sien nie in dat Job deur dit te doen, sy God ook sou verloor nie. Maar dit is vir Job die ergste wat hy kan bedink. Hy hou aan sy God vas in al sy rampspoed.

Die vrou raai haar man dus aan om juis dit te doen wat die Satan wens hy moet doen. Sy is sy verleidster, net soos die vrou in die tuin van Eden. Maar Job laat hom nie verlei nie! Hy antwoord haar: „Soos 'n dwaas praat, praat jy!" Ongeloofstaal is vir die gelowige soos dwaasheid. (En ook omgekeerd!) Hy sê: „Die goeie sou ons van God aanneem, en nie ook die slegte aanneem nie?" Met hierdie woorde erken hy weer die soewereiniteit van God, sy beskikkingsreg oor sy gawes en die weerhouding daarvan. Sy tweede antwoord pas by die eerste, in Job 1:21.

Die skrywer sê aangaande Job: „By dit alles het Job nie gesondig met sy lippe nie." Hierdie laaste woorde is opvallend. Daar kom geen verkeerde woord oor sy lippe nie! Maar hoe lyk dit in sy hart? Dit sal later blyk.

*Die vriende kom*

Nadat Job ook die tweede en swaarste toets deurstaan het, verwag ons 'n uitspraak waarin die uitslag van die saak ten gunste van God afgekondig word en ook dat die lyding van Job nou beëindig word. Dit dien mos geen doel meer nie!

Maar die voortsetting van die boek Job is anders!

Job se lyding duur voort. Die Satan, wat dit veroorsaak het omdat hy dit nodig gehad het vir sy proefneming, maak daar geen einde aan nie. Hy sou daartoe nooit oorgaan nie. Dit lê nie in sy aard om lyding te beëindig nie. Maar die HERE maak ook nie dadelik 'n einde daaraan nie. Hy gaan nou self verder om Job te toets. Hy wil ook sien hoe sy kneg hom verder gedra teenoor Hom, wat altyd sy God was. Die karakter van die boek Job word nou anders. Natuurlik bly die Satan luister of Job nie tog nog iets sal sê waaruit hy munt kan slaan nie. Maar dit het nie gebeur nie. Die eerste uitsprake van Job was beslissend. Dit gaan nou verder tussen God en Job.

Die vriende kom en hulle voer lang gesprekke met Job. In die gesprekke spreek Job oor homself en kom aan die lig wat in hom omgaan. Deur middel van sy vriende en hulle houding toets Gód nou vir Job.

Die vriende het gehoor van al die onheile wat Job getref het. Hulle bly in verskillende plekke, maar het een punt afgespreek waar hulle mekaar sou ontmoet. So kom hulle tegelyk by Job aan. Hierdie reëlings het tyd geneem en al die tyd verkeer Job in sy ellende.

As hulle naderkom, sien hulle Job sit, onherkenbaar vanweë sy armoede en siekte. Al wenende kom hulle nader, skeur hul klere en gooi stof op sodat dit weer op hulle koppe val. So kom hulle by Job aan en gaan by hom op die grond sit, sewe dae en sewe nagte lank, sonder dat iemand 'n woord met hom gepraat het. Dit is 'n eg Oosterse wyse van medelye. Hulle sien dan ook dat die smart baie groot is.

*'n Man deur God aan alle kante ingesluit*

3:1 Daarna het Job sy mond oopgemaak en sy dag vervloek.
2 En Job het begin en gesê:
3 Mag die dag vergaan waarop ek gebore is,
en die nag wat gesê het: 'n Seun is ontvang.
4 Mag dié dag duisternis wees;
mag God nie na hom vra daarbo nie
en geen ligglans oor hom skyn nie.
5 Mag duisternis en doodskaduwee hom opeis,
'n wolkgevaarte oor hom gaan lê,
dagverduisteringe hom verskrik.
6 Daardie nag – mag donkerheid hom wegruk,



mag hy nie bly wees onder die dae van die jaar,
in die getal van die maande nie kom nie.
7 Ja, mag dié nag onvrugbaar wees,
geen gejubel tot hom deurdring nie.
8 Mag die dagvervloekers hom verwens,
hulle wat die kuns verstaan
om die Leviátan op te hits.
9 Mag die sterre van sy môreskemering verduister word;
mag hy wag op lig, maar tevergeefs,
en die ooglede van die dageraad nie sien nie.
10 Omdat hy vir my nie toegesluit het
die deure van die moederskoot nie
en moeite vir my oë nie verberg het nie.
11 Waarom het ek nie gesterf by die geboorte,
nie uitgegaan uit die moederskoot
en die asem uitgeblaas nie?
12 Waarom het knieë my teëgekom
en waarom borste, dat ek moes drink?
13 Want dan sou ek daar gelê en stil gewees het;
ek sou geslaap, ek sou dan rus gehad het,
14 saam met konings en raadsmanne van die aarde,
wat puinhope weer opgebou het vir hulleself;
15 of saam met vorste wat goud besit,
wat hulle huise met silwer gevul het.
16 Of ek sou, soos 'n weggestopte misgeboorte,
nie bestaan het nie,
soos kinders wat die lig nie gesien het nie.
17 Daar hou die goddelose op met woel,
en daar rus hulle wie se kragte uitgeput is.
18 Die gevangenes is almal saam gerus;
hulle hoor die stem van die drywer nie.
19 Klein en groot is daar gelyk,
en die slaaf is vry van sy heer.
20 Waarom gee Hy lig aan die ellendige
en lewe aan die wat verbitter is van siel;
21 wat wag op die dood, en hy kom nie;
en meer na hom grawe as na verborge skatte;
22 wat bly sou wees met gejuig,
hulle sou verheug as hulle die graf kon vind?
23 Waarom gee Hy lig aan 'n man
wie se weg verborge is,
'n man wat deur God aan alle kante ingesluit is?

Job wag nie tot die vriende begin praat nie. As hulle sewe dae en sewe nagte swyend langs hom gesit het, kan hy dit nie langer uithou nie. Hy bars uit in 'n verwensing: „Mag die dag vergaan waarop ek gebore is." Hy vervloek sy dag, d.w.s. sy geboortedag en daarmee die feit dat hy gebore is. Om nie te bestaan nie sou beter gewees het as die bestaan wat hy nou voer. Die vervloeking van sy dag word op digterlike wyse breed uitgewerk. Ons vra ons af of Job self so digterlik gepraat het terwyl hy in die stof sit, en of die skrywer van die boek die breë digterlike uitwerking aan sy woorde gegee het. Hierdie vraag keer telkens terug by die lees van die boek Job en die lang redevoeringe van die verskillende sprekers. Ek is geneig om die digterlike uitweidings op rekening van die Bybelouteur te plaas. Jeremia het ook sy dag vervloek (Jer. 20: 14–18). Hy gebruik ook felle woorde, maar neem nie so 'n hoë digterlike vlug nie.*

Sy geboortedag, sê Job – en dan verpersoonlik hy die dag – het die deure van die moederskoot vir hom nie toegesluit nie. As die dag dit wel sou gedoen het, sou hy moeite vir sy oë verberg het. Dit is wat Job nou wens! Hy aanvaar dus nie meer gewillig die slegte wat God stuur nie. Op dié vlak het hy nog gestaan toe sy vrou met hom gepraat het. Nou staan hy nie meer daar nie. Wat hy nou wil, is niegebore-wees-nie; dan sou hy nie hoef te ondervind, wat hy nou moet ondervind nie.

'n Ander uitkoms sou gewees het om by sy geboorte te gesterf het. Dan sou hy nie op aarde wees nie, maar by die dooies. Ook dan sou hy die ellende waarin hy nou is, misgeloop het. Die vertoef by die dooies beskryf hy in vs. 13–15. Dit is weer 'n uitweiding, nou oor die doderyk soos die ou Oosterling hom dit voorstel. In vs. 17 gaan hy daarmee voort nadat hy ook die moontlikheid geopper het dat hy soos 'n misgeboorte weggestop kon wees. Dit sou bestaanloosheid beteken.

Hierdie gemoedsgesteldheid van Job is die teenstelling van lewensaanvaarding. As die lewe niks anders is as ellende nie, dan kan Job dit nie langer aanvaar nie. Ons wat – al is dit soms ook onder die moeilikste omstandighede van armoede en ellende – almal tog

*Ons gaan nie verder op die verklaring van die digterlike uitsprake in nie, omdat ons die hooflyn van die boek Job wil volg en hierdie geskrif beknop wil hou. Vir nadere verklaring verwys ek na my Job-verklaring in die reeks COMMENTAAR OP HET OUDE TESTAMENT, Kok, Kampen, 1961 of in: Korte Verklaring met nieuwe Vertaling, Kok, Kampen, 1960. Dit geld ook vir ander gedeeltes wat in hierdie geskrif minder aandag kry.



iets in die lewe oorgehou het, kan Job maklik veroordeel. Maar dit pas ons nie. Dis natuurlik waar dat Job diep weggesink het in hopeloosheid. Ons geloofsbesinning sê in ons hart dat 'n mens altyd tot God moet vlug. Maar bedink wat die vriende gesien het: dat die smart baie groot was! Dan huiwer ons om kritiek op Job se houding uit te spreek – hoe tereg die kritiek teoreties ook al sou wees!

Maar is dit wel so dat Job nie tot God vlug nie?

As hy sy verwensings uitgespreek het, kom tog iets anders in hom na vore! Hy gaan voort met die vraag na die WAAROM? Waarom God so maak? Want dat dit God is wat dit hom aandoen, weet ons; maar dit weet hy self ook. Maar waarom moet hy afgedruk word tot 'n dieptevlak van geestelike toestand wat erger is as om beroof te wees van alles en in siekte te sukkel?

Eers stel Job die vraag in die algemeen: „Waarom gee Hy lig aan die ellendige?" (vs. 20–23). Maar dan spits hy die vraag toe op homself en noem homself 'n man wie se weg verborge is, 'n man wat deur God aan alle kante ingesluit is. So sien hy sy toestand. Sy weg is verborge. Hy sien geen toekoms nie. En dit is God, so sê hy uitdruklik (vs. 23), wat dit doen.

In sy goeie dae is van Job gesê God beskut hom aan alle kante (1: 10); maar nou sluit God hom aan alle kante in. In albei gevalle word dieselfde bewoording gebruik, maar die een keer in gunstige, die ander keer in ongunstige sin.

Wat dit beteken dat God iemand insluit, het Jeremia, wat ook sy dag vervloek het, breër omskryf:

> Hy het my omsingel met 'n bouwerk van gif en moeite
> Hy het my toegemuur, sodat ek nie kan uitkom nie.
> Hy het my toegemuur met gekapte klip (Klaagl. 3: 5–9).

En waarom doen God dit nou? Dié vraag het Job nog nie eerder gestel nie. Natuurlik is daar kritiek in die vraag opgesluit. En die kritiek is onbetaamlik teenoor God. Dit is so. Maar daar is ook 'n ander kant van die saak. Ten eerste blyk daaruit dat Job besef hy het met God te doen en voorts dat hy verbaas is oor die groot verandering in sy lot. Juis omdat hy nie sy rug op God draai nie, wil hy weet wat nou aangaan tussen hom en sy God. Dit sou vir hom onverskillig wees as hy God sou „seën". Wie God loslaat, het geen behoefte aan „waaroms" nie! So iemand verwerp alles. Maar Job wil helderheid in sy duistere lewe hê. Daarom kan ons sê met die vraag „Waarom" begin die „geveg van Job met God".

Job kry op sy vraag geen antwoord nie.

Ons weet die antwoord: dit gaan om die oorwinning van God teen die aantygings van die Satan! Maar dit kan God nie vir Job sê nie. Nie in die begin of later het God dit gedoen nie al dink ons dat God dit toe wel kon doen.

Daar is dus 'n antwoord op Job se vraag „Waarom". Maar God hoef die antwoord nie te gee nie, omdat Hy soewerein is. Daarom sien ons deur 'n spieël in 'n raaisel, ons ook! Nie by Job nie, omdat ons hier agter die skerms kon kyk; maar wel wat betref ons eie lewensgang en die gang van die geskiedenis. Ons moet berus in die gedagte dat God sy motiewe het.

Job tas in die duister. Hoe kan hy daaruit ooit weer opklim tot die lig van blydskap in God? Hy eindig sy eerste uitspraak met 'n versugting:

24 Want soos my brood kom my gesug,
en my gebrul word uitgestort soos water.
25 As ek iets vreesliks vrees, kom dit oor my;
en die ding waarvoor ek bang is, kom na my toe.
26 Ek het geen kalmte en geen stilte
en geen rus nie, of daar kom die onrus!

*Eerste antwoord van Élifas aan Job.*

4:1 Toe antwoord Élifas, die Temaniet, en sê:
2 As 'n mens dit met 'n woord by jou waag,
sal jy ontstemd wees?
Maar woorde inhou – wie kan dit?
3 Kyk, jy het baie mense tereggewys
en slap hande versterk.
4 Jou woorde het opgerig die wat struikel,
en jy het knikkende knieë versterk.
5 Maar nou dat dit jóu oorkom, is jy moedverlore;
nou dat dit jóu tref, is jy verslae!
6 Is jou Godsvrees nie jou hoop,
jou vrome wandel nie jou verwagting nie?
7 Bedink tog, wie het ooit onskuldig omgekom,
en waar is opregtes verdelg?
8 Volgens ek gesien het: Die wat onreg ploeg
en moeite saai, dié maai dit.



9 Deur die asem van God kom hulle om,
en deur die geblaas van sy toorn word hulle vernietig.
10 Die gebrul van die leeu
en die stem van die bruller –
ja, die tande van die jong leeus word uitgebreek.
11 Die leeu kom om by gebrek aan prooi,
en die kleintjies van die leeuin word verstrooi.
12 Verder is 'n woord op geheimsinnige wyse na my gebring,
en my oor het 'n gefluister daarvan opgevang,
13 by die gedagtespel, uit naggesigte gebore,
wanneer diepe slaap op die mense val.
14 Skrik het oor my gekom en siddering
en het my hele gebeente laat bewe.
15 Toe skuif daar 'n gees voor my verby;
die hare van my vlees het opgerys.
16 Hy bly staan,
maar ek kon sy gedaante nie herken nie –
'n verskyning voor my oë!
Ek hoor die gefluister van 'n stem wat sê:
17 Sou 'n sterfling regverdig wees voor God?
Of 'n man rein wees voor sy Maker?
18 Kyk, in sy dienaars stel Hy geen vertroue nie,
en by sy engele ontdek Hy dwaling.
19 Hoeveel meer by hulle wat kleihuise bewoon,
van wie die grondslag in die stof is,
wat fyngedruk word soos 'n mot.
20 Tussen môre en aand word hulle verpletter;
hulle kom vir ewig om
sonder dat iemand daar ag op gee.
21 Word hulle tentlyn nie losgeruk in hulle nie?
Hulle sterwe, en dit sonder wysheid.

Nou begin die vriende praat. Élifas is die eerste. Hy besef dat dit moeilik sal wees om met Job te praat, maar hy kan nie stilbly nie (4:2). Hy het dus wel iets op die hart!

Nie baie taktvol nie, begin hy met 'n verwyt. Job self het mense in teëspoed dikwels bemoedig en vertroos, maar nou dat dit homself tref, is hy moedverlore en verslae (4:5). Origens is Élifas tog versigtig en hy sê nie reguit wat hy dink nie; in wye draaie beweeg hy daaromheen. Wat hy dink, is dat Job se rampe straf is op sy sonde of op 'n sonde van hom. Die ander vriende dink dit ook. In die voortgang van die gesprekke word die gedagte al duideliker uitge-

spreek. Élifas begin egter deur te herinner aan Job se godsvrug en vrome wandel en vra of dit nie sy hoop en verwagting is nie. Onskuldiges kom nie om nie en opregtes word nie verdelg nie. Hy vergelyk die goddelose met 'n leeunes (dieselfde beeld in Nah. 2:11) en sê dat dit uitgeroei word (vs. 9–11). Hierdie gedagte oor die verband tussen jou lewensgedrag en jou lewenslot is op sigself nie onjuis nie. Met die regverdige sal dit goed gaan, maar wee die goddelose! Met hom gaan dit sleg (Jes. 3:10 en 11). Psalm 37 is vol van dié gedagte. In die gedagtegang van die vriende is die stelling, „met die goddelose gaan die sleg", ook in omgekeerde vorm toegepas: As dit met iemand sleg gaan, dan is hy goddeloos! Hoe diep die gedagte gewortel was, blyk as Jesus dit nog by sy dissipels moet weerlê (Joh. 9:1–3). Die antwoord van Jesus dat daar agter die blindheid van die blindgeborene geen bepaalde sonde steek nie, maar dat die werke van God in hom geopenbaar moet word, is vir ons ook 'n leidraad in die geval van Job!

Die vriende dink ook dat Job gesondig het. Baie versigtig benader Élifas die saak nou van die gunstige kant: jy kan tog hoop omdat jy vroom is! Maar dit kan Job nie troos nie. Hy is oortuig van sy onskuld.

Sy moeilikheid is juis dat God met hom van die reël afwyk. Of hou God met hom juis terdeë rekening met hierdie reël? Bedoel Élifas dit? Dan krenk sy woorde vir Job; dan bevat hulle 'n bedekte aanklag. Job se probleem was nie: „is ek wel vroom en godvrugtig?" nie, maar „waarom handel God so met 'n vroom en godvrugtige man?"

Job het die vraag na die „waarom" gestel (3:23). Maar nou kry hy 'n antwoord waarmee hy beslis nie kan saamstem nie.

In vers 12 e.v. roer Élifas die kwessie van vroomheid van 'n ander kant aan as hy sê dat hy 'n openbaring ontvang het, waarin onder huiweringwekkende omstandighede in sy oor gefluister is:

Sou 'n sterfling regverdig wees voor God?
Of 'n man rein wees voor sy Maker?

Die openbaring kom dus in die vorm van 'n retoriese vraag. Die antwoord is ontkennend! Dit is ook in ooreenstemming met die geheel van die openbaring. „Daar is geen mens wat nie sondig nie", I Kon. 46a; kyk verder Ps. 143:2b; Rom. 3:23; Gal. 2:16. Omdat Élifas in die woorde van Job alle skulderkentenis gemis het, (hfst. 3) dink hy – en tereg – dat Job homself onskuldig verklaar. Dan slaan hy met sy openbaring die grond onder Job se voete uit!

Die openbaringswoorde het Job inderdaad diep geskok, soos later blyk.



Opmerklik is die manier waarop Élifas die gedagte verder uitwerk. Hy verklaar die openbaringswoorde nie deur op die sondigheid van die mense te wys nie, maar op hulle nietigheid. Hulle bewoon kleihuise, d.i. stoflike liggame, en word soos motte platgedruk. In hierdie geval is die toepassing van Élifas op sy openbaring nie in ooreenstemming met die geheel van die openbaring nie. Die mens is wel nietig, maar nie dáárom verwerplik nie! Hy is wel magteloos. Dat Élifas daarop wys, was ontmoedigend vir Job in sy „geveg met God".

5:1 Roep maar – is daar iemand wat jou antwoord gee?
En na wie van die heiliges sal jy gaan?
2 Want verbitterdheid vermoor die dwaas,
en naywer maak die domme dood.
3 Ek self het gesien hoe 'n dwaas wortel skiet;
maar skielik het ek sy woning vervloek.
4 Ver is sy kinders van geluk;
en hulle word verbrysel in die poort
sonder dat iemand red.
5 Wat hy geoes het, eet die hongerige op,
en dié haal dit selfs uit die doringheining uit;
en die ondergang hyg na hulle rykdom.
6 Want onheil kom nie voort uit die stof,
en moeite spruit nie uit die grond nie.
7 Maar die mens word vir moeite gebore
soos die vonke boontoe vlieg.
8 Maar wat my aangaan, ek sou na God vra
en my saak aan die Godheid voorlê,
9 aan Hom wat groot dinge doen
en ondeurgrondelike, wonders sonder getal;
10 wat reën gee oor die aarde
en waters uitstuur oor die velde;
11 om nederiges op 'n hoogte te stel daarbo;
en die wat in die rou is, verkry die hoogste geluk.
12 Hy wat die planne van listige mense verydel,
sodat hulle hande niks kan uitrig wat standhou nie;
13 wat die wyse manne vang in hulle listigheid,
en die raad van die slinkse mense
misluk van haastigheid.
14 Oordag stuit hulle op duisternis,
en soos in die nag tas hulle rond op die middag.
15 So verlos Hy dan van die swaard
wat kom uit hulle mond,

en die behoeftiges uit die hand van die sterk man.
16 So is daar dan verwagting vir die arme;
en ongeregtigheid hou die mond toe.

Vir Job wat ook 'n mens is soos 'n mot, sê Élifas twee dinge; eers „Roep maar", ens. (vs. 1 van hfst. 5) en dan: „Ek sou na God gaan" (vs. 8 e.v.). Hierdie twee raadgewings vul mekaar aan. Met „roep maar" bedoel hy: dit help jou tog niks, want niemand luister na jou nie. Hy sê dit met die oog op wat Job in hfst. 3 gesê het. Élifas vind dit dwaas om so verbitterd te wees (vs. 2) – 'n mens gaan daardeur te gronde. Onheil en moeite is ten slotte onvermydelik; hulle is nie soos plante rondom jou nie maar behoort tot jou bestemming en spat op uit jou bestaan soos vonke uit die vuur (vs. 6 en 7).

Job moet iets anders doen: na God gaan en Hom vra. Élifas bedoel hy moet 'n ander toon aanslaan teenoor God. Van God kan jy iets verwag omdat Hy groot is. So is daar dan verwagting vir die arme. Tot Élifas se beskrywing van die grootheid van God behoort ook die vermelding van sy wysheid. Hy sê (o.a.), „wat die wyse mense vang in hulle listigheid". Ons wys hierop omdat hierdie woorde deur Paulus aangehaal word, in I Kor. 3:19, „. . . want daar is geskrywe (Job 5:13a): Hy wat die wyse mense in hulle listigheid vang". (Dit is die enigste sitaat uit die boek Job in die Nuwe Testament!)

Dat Paulus hier vir Élifas aanhaal, beteken dat hierdie uitspraak van hom heeltemal juis is. Paulus bewys hiermee dat die wysheid van hierdie wêreld dwaasheid is by God. Dat Élifas die nadruk lê op die wysheid van God, kan ook weer bedoel wees om Job 'n steek te gee. Job vra immers na die „waarom" van God se optrede jeens hom (3:23).

Intussen stel hierdie aanhaling ons voor 'n gewigtige vraag, nl. is die woorde van Élifas (en van sy vriende) betroubaar soos woorde van God self? Hierdie aanhaling in I Korinthiërs sou ons dit amper laat glo! Maar God het self gesê (42:7) dat die vriende nie reg van Hom gespreek het nie! Paulus het met sy aanhaling seker nie bedoel dat die vriende in hulle beoordeling van Job reg was nie. Maar die vriende het in hulle betoog wel dinge gesê wat „op sigself" volkome waar is, soos in hierdie geval die vermelding van die wysheid van God. En daartoe is die instemming van Paulus in sy aanhaling beperk.

5:17 Kyk, gelukkig is die man wat God kasty;
verwerp daarom die tugtiging van die Almagtige nie.



18 Want Hý doen smart aan, maar verbind ook;
Hy verbrysel, maar sy hande maak gesond.
19 In ses benoudhede sal Hy jou red,
ja, in sewe sal geen onheil jou tref nie.
20 In hongersnood verlos Hy jou van die dood
en in die oorlog uit die mag van die swaard.
21 As die tong gésel, word jy weggesteek;
en jy hoef nie te vrees vir verwoesting as dit kom nie.
22 Oor verwoesting en broodsgebrek sal jy lag,
en vir die wilde diere van die aarde
hoef jy nie te vrees nie.
23 Want met die klippe van die veld is jou verbond,
en die wilde diere van die veld is met jou bevriend.
24 En jy sal uitvind dat jou tent in vrede is;
en as jy op jou woonplek rondkyk,
sal jy niks vermis nie.
25 Ook sal jy uitvind dat jou kroos talryk is
en jou nakomelinge soos die plante van die aarde.
26 Op rype leeftyd sal jy na die graf gaan,
soos 'n koringgerf ingebring word op sy tyd.
27 Kyk, dit het ons nagespeur, so is dit;
hoor dit, en neem jy dit te harte.

Élifas sluit sy eerste antwoord aan Job af met 'n uitspraak oor kastyding of tugtiging (vs. 17–26). Kastyding is iets anders as straf. God straf in toorn, maar die HERE kasty hom wat Hy liefhet (Spr. 3:11). Élifas begin met 'n algemene uitspraak: „gelukkig is die man wat God kasty"; daarna rig hy hom tot Job persoonlik met die vermaning: „verwerp daarom die tugtiging van die Almagtige nie". Hy beskou dus Job se rampe as 'n tugtiging. Tog volg kastyding en tugtiging ook op sonde en oortreding. Maar Job meen dat daar by hom geen rede vir tugtiging is nie. Daarom word hy nie deur die inderdaad pragtige uitspraak van Élifas vertroos nie!

### *Antwoord van Job aan Élifas*

6:1 Maar Job het geantwoord en gesê:
2 Ag, was my verdriet maar goed geweeg
en my ongeluk meteens in 'n skaal opgehef!
3 Ja, dan sou dit swaarder wees as die sand van die see;
daarom is my woorde onbedagsaam.

4 Want die pyle van die Almagtige is in my,
waarvan my gees die gif indrink;
die verskrikkinge van God stel hulle teen my op.
5 Balk die wilde-esel by die grasspruitjies?
Of bulk 'n bees by sy voer?
6 Word iets wat laf is, sonder sout geëet?
Of is daar smaak in die wit van 'n eier?
7 My siel weier om dit aan te raak;
dit is net soos my walglike spys.
8 Ag, mag my bede maar uitkom,
en mag God my verwagting maar gee!
9 En mag dit God behaag om my te verpletter,
sy hand uit te strek en my af te sny!
10 Dan sou ek nog troos hê;
ja, ek sou van vreugde opspring
in onbarmhartige smart;
want die woorde van die Heilige
het ek nie verloën nie.
11 Wat is my krag, dat ek sou kan wag;
en wat my uiteinde, dat ek geduldig sou wees?
12 Is my krag 'n krag van klip
of my vlees van koper?
13 Is ek dan nie hulpeloos in myself nie,
en is redding nie vir my weggedrywe nie?

Job kla dat Élifas sy verdriet en ellende nie reg besef nie, maar deur die grootte daarvan was sy woorde onbedagsaam. Hy bedoel met „sy woorde" wat hy volgens hfst. 3 gesê het. Hy beskryf nou die ellende. Ten eerste sê hy dat God die bewerker daarvan is: sy rampe het hom getref soos pyle van die Almagtige. Verder sê hy dat die rampe vir hom nie net liggaamlike en stoflike skade berokken het nie, maar dat hulle ook in geestelike opsig verderflik gewerk het: die pyle was giftig en sy gees het die gif ingedrink. Sy verhouding met God is nou bedorwe. Wat hy van God se kant ondervind, is verskrikkinge wat hulle teen hom opstel. Sy sielevrede is versteur omdat sy lewenslot weersinwekkend is (vs. 5–7). Die woorde wat hy volgens hfst. 3 gesê het en wat deur Élifas afgekeur is, neem hy nie terug nie. Hy herhaal sy wens, sy bede, om uit die lewe uit te wees. In dood-wees sou hy vreugde vind! Hoe kan hy dit sê? Omdat hy die woorde (= die gebooie) van die Heilige nie verloën het nie! In hierdie verband noem hy God „die Heilige". En teenoor die heilige God is hy, Job self, 'n bewaarder van sy gebooie, 'n reg-



verdige! Job het „dood-wees" beskryf as 'n toestand van algehele nivellering (kyk 3:13–19). Tog beskou hy dit blykbaar nie as 'n onverskillige saak of 'n mens die dood as 'n regverdige of as 'n goddelose ingaan nie. In elk geval is hý 'n regverdige! Van sy onskuld is hy vas oortuig!

Dat Job die dood as uitkoms sien, is omdat sy lyding en verdriet onuithoudbaar is. Daarvoor het hy nie die krag nie. Van uithou kan hy trouens ook geen uitkoms verwag nie. Hy is hulpeloos oorgelewer. Regverdig en tog omring deur die verskrikkinge van God!

14 Vir die moedelose moet daar liefde wees
van die kant van sy vriend,
ook al laat hy die vrees vir die Almagtige vaar.
15 My broers het troueloos gehandel soos 'n spruit,
soos die bedding van spruite wat wegloop,
16 wat troebel is vanweë die ys,
waarin die sneeu hom verberg –
17 in die tyd van gloeihitte verdwyn hulle;
as dit warm word, droog hulle op uit hul plek.
18 Die paaie van hulle loop kronkel weg
en gaan heen in die wildernis en vergaan.
19 Die karavane van Tema het uitgekyk,
die reisigers van Skeba het daarop gewag.
20 Hulle het beskaamd gestaan in hul vertroue;
hulle het daarby gekom en was teleurgesteld.
21 So het julle dan vir my niks geword nie:
julle sien verskrikking,
en julle het gevrees.
22 Het ek dan gesê: Gee my iets?
Of: Bring vir my 'n omkoopgeskenk uit julle vermoë?
23 Of: Red my uit die hand van die teëstander?
Of: Verlos my uit die hand van tiranne?
24 Onderrig my, en ék sal swyg;
en maak my duidelik waarin ek my misgaan het.
25 Hoe kragtig is opregte woorde,
maar wat rig 'n bestraffing uit,
van julle afkomstig?
26 Dink julle om woorde te bestraf?
Maar die woorde van 'n wanhopige is vir die wind!
27 Ja, julle sou 'n wees uitloot
en julle vriend verhandel.

28 Maar nou, kyk my asseblief aan:
ek sal julle waarlik nie in jul gesig belieg nie.
29 Keer tog terug – laat daar geen onreg wees nie!
Ja, keer terug – nóg is my geregtigheid daar.
30 Is daar onreg op my tong?
Of kan my verhemelte nie die onheile onderskei nie?

Job is teleurgestel oor die houding van sy vriende, want soos Élifas gepraat het, dink hulle natuurlik aldrie (6:14 e.v.) Hy noem hulle sy broers – maar hulle is onbetroubaar soos 'n spruit. Hier volg weer so 'n breë digterlike beskrywing, nl. van 'n winterbeek wat in die somer droog word en aan die woestynreisigers geen les van hul dors kan bied nie. So laat die vriende hom nou in die steek. Tog het Job nie iets moeiliks of swaars van hulle verwag nie (22, 23), net maar begrip! Maar hulle is bang! Hulle waag dit nie om iemand wat klaarblyklik deur God getugtig word, te probeer verdedig nie en hulle vind dit veiliger om hulle maar aan God se kant te skaar.

Maar dan flikker daar in Job 'n vlagie geesteskrag op. „Onderrig my" so roep hy uit (vs. 24). As hulle hom vir skuldig hou, dan moet hulle ook sê waarin hy hom misgaan het. Maar sarkasties voeg hy aan sy woorde toe, dat wat die vriende sê tog niks beteken nie, want deur hulle gebrek aan trou sal hulle selfs hul vriende verkoop. Nou maak die vriende seker aanstaltes om maar weg te gaan. Job roep altans: „Keer terug! Keer terug!" Hy sê: „Laat daar geen onreg wees nie!" Om weg te loop sou onreg wees; dan ontneem hulle Job sy kans om van sy onskuld te getuig, want sy geregtigheid bestaan nog steeds. Dat hy onskuldig is, staan vir Job vas. Op hierdie punt is hy te midde van al sy ellende ontoegeeflik!

7:1 Het die mens nie 'n stryd op die aarde nie?
En is sy dae nie soos die dae van 'n dagloner nie?
2 Soos 'n slaaf wat hyg na die skaduwee,
en soos 'n dagloner wat wag op sy werkloon,
3 so het ek erfgenaam geword
van maande van teleurstelling
en is nagte van moeite vir my bestem.
4 As ek gaan lê, dink ek: Wanneer sal ek opstaan?
Maar die aand is lank,
en ek word sat van al die omdraai
tot die môreskemering toe.
5 My vlees is bekleed met wurms en stofklonte;
my vel trek opmekaar en etter dan weer.



6 My dae is vinniger as 'n wewerspoel
en verdwyn sonder verwagting.
7 Bedink tog dat my lewe wind is;
my oog sal die voorspoed nie weer sien nie.
8 Die oog van hom wat my sien,
sal my nie meer aanskou nie.
U oë is op my – en ek is daar nie!
9 Die wolk verdwyn en gaan heen –
so kom hy nie weer op
wat na die doderyk neerdaal nie.
10 Hy sal nie meer teruggaan na sy huis nie,
en sy plek sal hom nie meer ken nie.

Na hierdie kort opflikkering sink hy weer in moedeloosheid terug (7:1). Hy kla dat hy sal ondergaan en dan wend hy hom tot God, „U oë is op my – en ek is daar nie!" Sy lewe is 'n wind, 'n sug. God sal wel weer kyk hoe dit met Job gaan, maar dan is hy nie meer daar nie. Dan het hy reeds na die doderyk afgedaal en daaruit kom 'n mens nie weer op nie. Die doderyk is die plek wat hy in sy eerste klag beskryf het (3:13–19). So verwyt hy God dan dat Hy geen vinger uitsteek om hom uit te help nie, maar hom onder sy oë laat omkom.

7:11 So wil dan ook ék my mond nie hou nie,
ek wil spreek in die benoudheid van my gees,
ek wil klae in die bitterheid van my siel.
12 Is ek 'n see, of 'n groot seedier,
dat U 'n wag teen my opstel?
13 As ek sê: My bed sal my troos,
my slaapplek sal my klagte help dra,
14 dan verskrik U my deur drome,
en ontstel my deur gesigte,
15 sodat ek die verwurging verkies,
die dood meer as hierdie geraamte van my.
16 Ek verfoei my lewe.
Nie vir altyd sal ek lewe nie:
laat my met rus, want my dae is nietigheid.
17 Wat is die mens, dat U hom so hoog stel
en dat U op hom ag gee?
18 En dat U hom elke môre soek,
elke oomblik hom op die proef stel?

19 Hoe lank sal U nie van my af wegkyk nie,
my nie laat staan nie,
totdat ek my speeksel insluk?
20 As ek gesondig het, wat doen ek U aan, o Mensebewaker?
Waarom het U my as mikpunt vir U opgestel,
sodat ek myself tot 'n las is?
21 En waarom vergeef U nie my oortreding
en neem my ongeregtigheid nie weg nie?
Want weldra sal ek in die stof lê;
dan sal U my soek,
maar ek sal daar nie wees nie.

Moet hy hom dit alles maar laat welgeval? dink Job. Nee, sê hy. „Ek (wil) my mond nie hou nie, ek wil spreek in die benoudheid van my gees, ek wil klae in die bitterheid van my siel." En dan spreek hy tot God (7:11–21). Job wil nou veg! !

Hy verwyt God dat Hy 'n wag teen hom opstel. So het hy reeds vroeër gekla: hy is „'n man wat deur God aan alle kante ingesluit is" (3:23). Maar waarvoor is dit nodig, vra hy. Is hy dan so gevaarlik soos 'n seemonster? Inteendeel, sê hy, „my dae is nietigheid". Maar God skenk daaraan veels te veel aandag, want Hy kom elke môre weer met nuwe beproewing. Hy kla nou oor sy psigiese leed; in sy vorige klag oor liggaamlike lyding („my vlees is bekleed met wurms en stofklonte; my vel trek opmekaar en etter dan weer", vs. 5). Sy geestelike lyding is verskriklike drome en ontstellende naggesigte – alles verskynsels van sy siekte! „Laat my met rus", sê hy aan God. Maar God gaan aan. Job is sy mikpunt! Hy kan nooit asem skep nie (sy speeksel nie insluk nie). Smalend noem hy God 'n Mensebewaker, wat hom altyd dophou! Vind Hy dan tog sonde in hom? Sou Élifas tog gelyk hê met sy beskuldiging? Maar selfs al sou hy gesondig het, sê Job, wat maak dit dan nog saak? Wat doen hy God daarmee aan? Sonde van mense doen God tog nie skade aan nie? (vgl. Jer. 7:19). As daar werklik sonde in sy lewe is, waarom vergeef God nie sy oortreding en neem dit weg nie? Waarom nie? Want weldra is hy dood en lê hy in die stof. Dis nie die moeite werd om so baie aandag aan hom te skenk nie.

As Job so praat, kan nie langer van hom gesê word dat hy met sy lippe nie gesondig het nie. Dan is hy 'n berisper van die Almagtige, wat God wil teregwys (39:35). Sal hý beoordeel wat God skade aandoen of wat nie? Sal hý beoordeel of God sommer kan vergewe? As hy God te groot ag en homself te min vir al die aandag aan sy kortstondige bestaan, dan is dit geen eerbiedige erkenning van God



se grootheid nie, maar veeleer 'n verwytende aanklag teen oordrewe bemoeienis.

Hopeloos besluit hy: „Weldra sal ek in die stof lê; dan sal U my soek." Dit sal God dus tog een keer doen, dink Job, hom in vriendelikheid weer opsoek. Hoe sien Job daarna uit! Maar dan is dit te laat! (vs. 2, kyk ook vs. 8).

Op hierdie verwyt loop die geveg van Job met God uit. Tog skuil daarin ook die bede: o God, kom tog nie te laat nie!

*Eerste antwoord van Bildad*

8:1 Toe het Bildad, die Suhiet, geantwoord en gesê:
2 Hoe lank sal jy hierdie dinge spreek
en die woorde van jou mond 'n geweldige wind wees?
3 Sou God die reg verdraai,
of die Almagtige die geregtigheid krenk?
4 As jou kinders teen Hom gesondig het,
het Hy hulle aan hul oortreding oorgegee.
5 As jý na God soek en die Almagtige om genade smeek,
6 as jy rein en opreg is,
ja, dan sal Hy oor jou opwaak
en jou woning herstel
ooreenkomstig jou geregtigheid;
7 dan sal jou begin gering wees,
maar jou einde baie groot.

In hfst. 8 neem Bildad die woord. Hy dink net soos Élifas, maar is harder as hy. Hy sê eintlik dat Job 'n windbuil is wat moet ophou om so te praat. Want God verdraai die reg nie. Dit is natuurlik waar, maar op die moeilikheid van Job gaan hy nie in nie: dat 'n onskuldige man deur so baie rampe getref word. Vir Bildad is die saak duidelik: as God geen onreg doen nie, dan moes Job gesondig het. So dink hy ook oor die kinders van Job. Hy sê dit egter by wyse van veronderstelling: „As jou kinders teen Hom gesondig het, het Hy hulle aan hul oortreding oorgegee", d.w.s. dan het hulle hul verdiende straf gekry. Dit was hard vir Job om dit te moet aanhoor.

8 Want doen tog navraag by die vorige geslag
en gee ag op wat hulle vaders nagespeur het;
9 (want ons is van gister en weet niks nie,
omdat ons dae 'n skaduwee op die aarde is;)

10 sal húlle jou nie leer, jou dit nie sê
en woorde uit hul hart voortbring nie?
11 Skiet die biesie op waar geen moeras is nie?
Groei die riet sonder water?
12 Nog is dit in sy volle groei –
sonder dat dit afgepluk word –
dan verdor dit voor al die ander gras.
13 So gaan dit met almal wat God vergeet,
en so vergaan die verwagting van die goddelose;
14 sy hoop is afgesny
en die voorwerp van sy vertroue is 'n spinnerak.
15 Hy steun op sy huis,
maar dit bly nie staan nie;
hy klem hom daaraan vas,
maar dit hou geen stand nie.
16 Vol sap staan hy in die son,
en sy ranke sprei uit oor sy tuin.
17 Sy wortels is gevleg oor 'n hoop klippe heen,
'n kliphuis deurboor hy.
18 As Hy hom vernietig uit sy plek,
sal dit hom verloën en sê:
Ek het jou nie gesien nie.
19 Kyk, dit is die vreugde van sy lewensweg,
en uit die stof spruit daar ander uit!
20 Kyk, God verwerp die vrome nie,
en Hy vat die kwaaddoeners nie aan die hand nie.
21 Terwyl Hy jou mond met gelag vervul
en jou lippe met gejuig,
22 sal jou haters met skaamte beklee word,
en die tent van die goddelose – weg is dit!

Maar Bildad het ook nog goeie raad vir Job: soek na God! Dit het Élifas ook al gesê (5:8). Maar dit doen Job mos! Dit is maar net dat hy in sy ellendige omstandighede niks van sy God kan vind nie. En Bildad sê ook nog: smeek die Almagtige om genade. Maar Job vra na die „waarom"; dit is iets anders as om vir genade te smeek.

Behalwe goeie raad het Bildad ook nog goeie hoop vir Job, nl. dat God sy woning sal herstel, op voorwaarde dat Job rein en opreg is! Maar is ek dit dan nie? moet Job by die aanhoor van daardie woorde wel by homself dink. Met 'n breë beskrywing van die lot van die goddelose staaf Bildad sy woorde. Sy beskouing is die vrug van 'n geslagtelange ervaring en dus betroubaar. Die huis van die goddelose



hou geen stand nie; daarmee is sy lewensvreugde tot niet (vs. 19). Moet Job nie hierin die beeld van sy eie lewensgang sien nie? En dan sê Bildad boonop: „Kyk, God verwerp die vrome nie." Welwillend veronderstel hy dus dat Job so 'n vrome is en sê: „Terwyl Hy jou mond met gelag vervul en jou lippe met gejuig, sal jou haters met skaamte beklee word, en die tent van die goddelose – weg is dit!" Wat Bildad sê, is wel waar, maar hoe ver lyk dit van Job af! En Bildad werk konsekwent met hierdie waarhede. In sy gedagtegang is daar geen ruimte vir Job se moeilikheid nie: onskuldig en tog deur rampe getref. Die redenasie van sy vriende druk Job al dieper in die onbegryplikheid en magteloosheid van sy lot. Dit blyk as hy weer praat.

*Antwoord van Job aan Élifas en Bildad (hfst. 9 en 10)*

9:1 Maar Job het geantwoord en gesê:
2 Waarlik, ek weet dat dit so is;
en hoe kan 'n mens regverdig wees by God?
3 As hy sou begeer om met Hom te twis,
nie een uit duisend sal hy Hom kan antwoord nie.
4 Hy is wys van hart en sterk van krag;
wie was hardnekkig teen Hom
en het ongestraf gebly?
5 Hy wat berge versit sonder dat hulle dit merk;
wat hulle omkeer in sy toorn;
6 wat die aarde laat sidder uit sy plek
sodat sy pilare dril;
7 wat bevel gee aan die son,
en hy gaan nie op nie,
en die sterre agter 'n seël wegsluit;
8 wat alleen die hemel uitspan
en stap op die golwe van die see;
9 wat die Beer gemaak het, die Orion
en die Sewe-ster en die Kamers van die Suide;
10 wat groot, ondeurgrondelike dinge doen
en wonders sonder getal.
11 Gaan Hy by my langs,
dan sien ek Hom nie,
en Hy skuif verby
sonder dat ek Hom bemerk.

12 Sleep Hy weg – wie sal Hom teëhou?
Wie vir Hom sê: Wat maak U?
13 God wend sy toorn nie af nie;
onder Hom moet die helpers van Rahab kruip.

As Job weer praat, klink sy woorde baie mismoedig. Bildad het 'n beskrywing gegee van die lewensloop van die goddelose en daarin kon Job sy eie lewensloop herken. Hy kan niks daarteen inbring nie en erken: „Waarlik, ek weet dat dit so is." Tegelykertyd dink hy ook aan wat Élifas gesê het: „Sou 'n sterfling regverdig wees voor God? Of 'n man rein wees voor sy Maker?" Dit kan mos nie! Maar Job hou vol dat hy onskuldig is. Maar hoe kan hy dit nou bewys? Hoe – is sy versugting – „*hoe* kan 'n mens regverdig wees by God?" Volgens Bildad getuig Job se rampe teen hom. Maar dit is nog nie die ergste nie, erger is dat jy met God nie gewoon kan praat nie, dat jy met Hom nie 'n regsgeding kan begin nie. Dit bedoel Job met *twis* as hy sê: „As hy sou begeer om met Hom te twis, nie een uit duisend sal hy Hom kan antwoord nie." En Job begeer om met Hom te „twis", omdat hy onskuldig met rampe oorlaai is. Dit is sy „geveg met God"! Job gee dan 'n beskrywing van die krag van God: „Hy is wys van hart en sterk van krag." Wie so hardnekkig is om hom teen God te verset, kom nie heelhuids daarvan af nie. Élifas het ook al daarop gesinspeel (5:2). God se optrede is 'n optrede in toorn, d.w.s. met woede en verskriklikheid en Hy betoon sy mag op die aarde, op die see en in die hemel. Hy doen dit alles met goddelike verhewenheid: voordat hulle dit merk, is die berge klaar omgekeer; Hy gaan onsigbaar en onmerkbaar by Job verby. Niemand kan vir Hom sê, „Wat maak U?", nie. Hy wend sy toorn, sy woede nie af nie. Onder Hom moet die helpers van Rahab – 'n vyand wat deur God verpletter word, 26:12, kyk ook Jes. 51:9 en Ps. 89:11 – kruip.

9:14 Hoeveel minder sal ék Hom kan antwoord,
sal ek my woorde kan kies teenoor Hom;
15 Hom wat ek nie kan antwoord nie
al was ek regverdig:
ek kan my regter net om genade smeek!
16 As ek dagvaar en Hy my antwoord,
glo ek nie dat Hy na my stem sal luister nie.
17 Hy wat my deur 'n stormwind sou vernietig
en my wonde sonder oorsaak sou vermeerder;
18 my nie sou toelaat om asem te skep nie,
maar my sou versadig met bitterhede.



19 Kom dit aan op die krag van die sterkste –
hier is Ek!
En kom dit op reg aan –
wie kan My dagvaar?
20 Al was ek regverdig, my eie mond sou my veroordeel;
al was ek onskuldig,
Hy sou my as 'n verkeerde reken.
21 Vroom is ek!
Ek gee niks om myself nie:
ek verfoei my lewe!
22 Dit is net eenders – daarom sê ek:
Die vrome en die goddelose vernietig Hy.

Hoe sal Job teen so 'n God 'n hofsaak maak? Teenoor Hom sal hy geen woorde kan kies nie. Hy sal Hom nie kan antwoord nie, al is hy ook regverdig. Gaan dít oor krag – dan sê God: „Hier is Ek!" En gaan dit oor reg – dan sê Hy: „Wie kan my dagvaar?" Hy laat Hom nie dagvaar nie!

So sien Job God as die Sterke en dit belet hom om reg by God te verkry!

Maar – so vra ons – mag krag dan die reg verkrag? Mag in die teenstelling reg en krag, krag oorheers, sodat die reg verdwyn?

Ons vra dit omdat die reg tog bo alles gaan!

Dit is seker so in menslike verhoudings, maar nie tussen God en mens nie! God en mens is nie mekaar se gelykes nie. Hy het regsnorme ingestel vir die menslike samelewing, maar bo Homself staan geen reg waaraan Hy gebind sou wees nie.

Ook ons mense, Christene van vandag, kan nie sommer tot God nader sonder 'n middelaar nie! Daarom bid ons in die Naam van onse Here Jesus Christus. Dit mag geen leë formule word nie! Die tussenkoms van ons Heiland en die noodsaaklikheid daarvan moet steeds diep besef word! Die vestiging van die koninkryk van die hemele het 'n radikale verandering meegebring en daarom moet ons dankbaar wees en God welbehaaglik dien met eerbied en vrees, want – dit bly so – „onse God is 'n verterende vuur" (Hebr. 12:29). Wat Job 9:2–20 sê, is 'n bewys van sy suiwere godskennis, 'n beskrywing van die soewereiniteit van God. En as ons sing „Die Heer is reg in al sy weg en werk", dan sing ons dit nie omdat ons dit verstaan of begryp nie, maar omdat ons dit aanvaar en glo.

Wanneer God so groot en magtig is, is 'n regsgeding teen Hom 'n onmoontlike saak. Job kan maar een ding doen: om genade smeek! Dit het Bildad hom ook al aangeraai (8:5). God sal nie eens na hom

luister nie, maar hom vernietig deur 'n stormwind en die enigste resultaat van sy poging om met God te „twis" sal vermeerdering van sy wonde en van sy bittere ervarings wees. Hy kan nie teen God praat nie, want sy eie woorde sou sy veroordeling insluit en daardeur sou God hom, al was hy onskuldig, as 'n verkeerde reken.

Hoe groot is die afstand, die kloof tussen God en Job!

Tog kan Job nie daarin berus nie. Plotseling verhef hy hom om kort en kragtig uit te roep: „Vroom is ek!" Al kan hy dit nou nie bewys nie, al is daar geen opening om tot God deur te dring nie, wat waar is, is waar: hy is onskuldig. Maar is dit nie „hardnekkig" (vs. 4) om dit te sê nie? Sal God hom nie vernietig nie (vs. 17)? So het hy self gesê! Maar laat dit dan maar gebeur. Hy verfoei sy lewe. Wat hét hy trouens aan sy huidige lewe? Maar aan sy geregtigheid hou hy vas: daar is geen bepaalde sonde waarop sy rampe straf kan wees nie. Al is daar geen uitweg om dit by God te bewys nie, gee hy nie in nie. God vernietig tog die vrome net soos die goddelose. So ondervind Job dit self en is dit nie ook die geval in oorloë en natuurrampe nie?

9:23 As die gésel skielik doodmaak,
spot Hy met die vertwyfeling van die onskuldiges.
24 Die aarde is aan die mag van die goddelose oorgelewer,
die gesig van die regters bind Hy toe.
Is dit nie Hy nie, wie dan anders?
25 Ja my dae was gouer as 'n hardloper;
hulle het weggevlug sonder om voorspoed te sien.
26 Hulle het verbygegly soos skepe van biesies,
soos 'n arend wat neerskiet op sy prooi.
27 As ek sê: Ek wil my geklaag vergeet,
my droewige gesig laat vaar en vrolik word,
28 dan is ek al bang vir al my smarte:
ek weet dat U my nie sal vryspreek nie.
29 Ek sal tog skuldig wees –
waarom sal ek my dan tevergeefs afmat?
30 Al was ek my met sneeu
en reinig ek my hande met loog,
31 dan sou U my in 'n poel indompel,
sodat my klere van my 'n afsku kry.
32 Want Hy is nie 'n man soos ek,
dat ek Hom sou kan antwoord,
dat ons saam na die gereg sou kan gaan nie.



33 Daar is geen skeidsregter tussen ons
wat sy hand op ons twee kan lê nie.
34 Laat Hy sy roede van my wegneem,
en laat sy verskrikkinge my nie beangstig nie;
35 dan wil ek spreek
sonder dat ek vir Hom bevrees is;
want só is dit met my nie gesteld nie.
10:1 Ek walg van my lewe;
ek wil my geklaag die vrye loop gee;
ek wil spreek in die bitterheid van my siel.
2 Ek sê tot God: Veroordeel my nie;
laat my weet waarom U met my twis.
3 Is dit voordeel vir U dat U verdruk;
dat U die arbeid van u hande verwerp,
terwyl U oor die planne van die goddelose
lig laat skyn?
4 Het U vleeslike oë?
Of sien U soos 'n mens sien?
5 Is u dae soos die dae van 'n mens?
of u jare soos die van 'n man?
6 dat U soek na my ongeregtigheid
en vra na my sonde,
7 ofskoon U weet dat ek nie skuldig is nie
en dat daar niemand is wat uit u hand kan red nie?
8 U hande het my geformeer en my gemaak,
heeltemal rondom;
en U vernietig my!
9 Bedink tog dat U my soos klei gevorm het,
en wil U my tot stof laat terugkeer?
10 Het U my nie soos melk uitgegiet
en my soos kaas laat dik word nie?
11 Met vel en vlees het U my beklee,
en met beendere en senings het U my deurvleg.
12 Die lewe, ja guns het U aan my bewys,
en u sorg het my gees bewaak.

Skerp is die aanval wat Job nou teen God rig. As die gésel – van natuurrampe byvoorbeeld – skielik baie mense laat omkom, dan spot God met die wanhoop van die onskuldiges wat ook omkom. Job se „godsbeeld", sy voorstelling van God, is nou heeltemal verwronge! Nou skryf hy aan God tog iets ongerymds toe (1:22). Hy sien nou nêrens meer iets goeds nie. „Die aarde is aan die mag van die

goddelose oorgelewer." Daar is geen reg meer nie. Sy eie gelukkige dae het verbygesnel. En wat die hede betref – sy pogings om sy onskuld te bewys, is vrugteloos. God aanvaar dit nie. Hy vergelyk sy eie onskuldverklarings met 'n liggaamlike reiniging. As hy homself dan skoon gewas het, sou God hom in 'n poel indompel en dan is hy weer so vuil, dat sy klere 'n afsku van hom kry. Sy klere word hier gepersonifieer. Die skoon klere sou gru vir sy bemodderde liggaam. Moedeloos sê Job: „Ek sal tog skuldig wees – waarom sal ek my dan tevergeefs afmat?"

Sy onskuldbetuigings is vir God nie geldig nie. Job spreek dit ook uit in God se aangesig as hy sê, „U (sal) my nie vryspreek nie."

Maar waarom is dit so?

Omdat daar die afstand, die kloof tussen God en mens is. God laat hom nie dagvaar nie (vs. 19). God „is nie 'n man soos ek, dat ek Hom sou kan antwoord, dat ons saam na die gereg sou kan gaan nie." In die besef van die kloof voel Job 'n gemis: „Daar is geen skeidsregter tussen ons wat sy hand op ons twee kan lê nie."

Job spreek hier van die *middelaarsbehoefte*. Daar moet iemand tussen hom en God kom. Op hierdie moment sê Job dat daar nie so iemand is nie. Maar die gedagte aan 'n tussenpersoon het in sy siel ontwaak en die gedagte sal in hom groei (kyk 16:19; 17:3). Sy middelaarsbehoefte vloei voort uit God se verskriklike optrede, sy krag en toorn, sy vernietigende stormwind. Maar noudat daar geen middelaar is nie, vra Job dat God al die verskrikkings inhou, sodat hy „gewoon" met Hom kan praat; gewoon, d.w.s. sonder vrees vir sy grootheid. Job bly dus volhou dat hy iets het om aan God te sê: sy onskuld! Daarom sê hy: „Veroordeel my nie" (10:2). God weet tog dat hy nie skuldig is nie, maar sien Hy dit dan nie? Hy spreek God aan en sê: „Het U vleeslike oë? Of sien U soos 'n mens sien?" Wat baat dit God om hom eers sorgvuldig te maak (vs. 10, 11; vgl. Ps. 139:15 e.v.) en hom dan te verdruk en te vernietig? Maar Job weet dat dit sy bedoeling was! God sou hom waarneem en (skuldig of nie) Hy sou hom tog veroordeel, nuwe getuienis teen hom inbring en altyd grimmiger teen hom optree, hom jaag soos 'n leeu.

„Jaag soos 'n leeu", sê Job. Dit doen God inderdaad; Hy sê self dat Hy Efraim en Juda sal verskeur; Hy sê dit nog baie sterker as wat Job dit hier sê: Soos 'n leeu, soos 'n luiperd, soos 'n beer val Ek hulle aan en skeur Ek hulle borskas oop (Hos. 5:14; 13:7, 8). So 'n toornuitbarsting ondervind hy, sê Job. Nuwe getuies is nuwe plae, hulle is mos getuies van sy sonde – so sê die vriende.

'n Vroom man soos Job sien dus geen kans om sy geregtigheid voor God te bewys nie. Laat hierdie gedagte goed tot ons deurdring!



Ons, lesers van die boek Job, is geneig om dit onredelik, onbillik van God te vind. Tog is dit 'n boodskap van die boek Job! Ons vind dit vreemd omdat ons te veel van onsself en te gering van God se heiligheid dink. Ons wat Christus ken, moet nie vergeet dat ons sonder Christus niks kan doen nie. Ons leef uit en deur die Middelaar. Job het die middelaarsbehoefte gevoel en soek hom nog (9:33).

10:13 Maar daarby het U dít verberg in u hart,
ek weet dat dít u toeleg was:
14 As ek gesondig het, sou U my waarneem
en my nie vryspreek van my ongeregtigheid nie.
15 Was ek skuldig – wee my!
En was ek regverdig,
ek sou my hoof nie kon ophef nie,
sat van skande en bewus van my ellende.
16 En as *my hoof* hom ophef,
sou U my jaag soos 'n leeu
en U opnuut wonderbaarlik teenoor my gedra.
17 U sou altyd nuwe getuies teen my bring
en u grimmigheid teen my vermeerder –
altyd nuwe leërafdelings teen my!
18 Waarom tog het U my uit die moederskoot laat uitgaan?
Ek moes gesterf het sonder dat 'n oog my gesien het.
19 Ek moes gewees het of ek daar nie was nie;
van die moederskoot af moes ek na die graf gedra gewees het.
20 Is my dae nie min nie?
Laat Hy ophou, my laat staan,
dat ek 'n bietjie vrolik kan wees,
21 voordat ek heengaan –
en nie terugkom nie –
na die land van duisternis en doodskaduwee,
22 'n land van donkerheid, soos middernag,
van doodskaduwee en wanorde,
en dit gee 'n skynsel – soos middernag!

Job se soeke stuit op die ongenaakbaarheid van God. Nou verval hy in beskuldigings teen God. Maar dit doen hy om met God in die reine te kom. Hy laat God nie los nie. Hy vloek Hom nie. Daarop wag die Satan tevergeefs. As God egter bly swyg, kom Job met dieselfde klagte waarmee hy begin het (hfst. 3): hy moes nie in die lewe gekom het nie, maar gesterf het, van die moederskoot af na die graf gedra gewees het. Maar hy is nou eenmaal daar, laat God nou ophou,

hom laat staan, met rus laat! Dan kan hy nog 'n bietjie vrolik wees voordat hy heengaan na die doderyk, waaruit geen terugkeer is nie (7:9), die doderyk (3:13 e.v.), die land van donkerheid en doodskaduwee en wanorde. In sy moedeloosheid is dit sy enigste uitsig.

*Eerste antwoord van Sofar* (hfst. 11)

11:1 Toe het Sofar, die Naämatiet, geantwoord en gesê:
2 Moet die menigte van woorde onbeantwoord bly?
Of moet 'n loslippige man reg hê?
3 Sou jou gepraat manne laat swyg,
sodat jy spot –
sonder dat iemand jou beskaamd maak –
4 en sê: Suiwer is my leer,
en rein is ek in u oë?
5 Maar, ag, as Gód maar wou spreek
en sy lippe open teen jou!
6 En jou bekend wou maak
dat die verborgenhede van die wysheid die insig verdubbel!
Sodat jy kan weet dat God vir jou
'n deel van jou skuld deur die vingers sien.

Sofar meen dat die woordestroom van Job weerspreek moet word. Hy vererg hom veral oor Job se onskuldbetuigings. Die ander vriende kan dit ook nie aanvaar nie; hulle hou Job skuldig.

As God maar wou spreek, sê Sofar, en aan hom insig gee in die verborgenhede van die wysheid, dan sou Job bemerk dat God nog 'n deel van sy skuld deur die vingers sien! So hard het die ander vriende dit nog nie gesê nie.

7 Kan jy die dieptes van God peil?
Of sal jy kan deurdring
tot by die volmaaktheid van die Almagtige?
8 Hoogtes van die hemel is dit – wat kan jy doen?
Dieper as die doderyk – wat kan jy weet?
9 Langer as die aarde is die maat daarvan
en breër as die see.
10 As hy verbyskuiwe en gevange neem
en 'n regsvergadering oproep –
wie sal Hom dan teëhou?



11 Want Hý ken die valse mense,
en Hy sien die ongeregtigheid
sonder dat Hy juis daarop ag gee.
12 So kan 'n domme verstand verkry
en 'n jong wilde-esel as mens gebore word.

Job het bitter kritiek teen God uitgespreek, maar, sê Sofar (nie ten onregte nie) kan hy die dieptes van die volmaaktheid van God peil? Dan wei hy uit oor die hoogte en diepte en lengte en breedte daarvan. Dit laat ons dink aan die woorde van Paulus in Ef. 3:18. Ons het by Job 5:13 reeds opgemerk dat Paulus die boek Job geken het. Miskien is hierdie opsomming ook 'n bewys daarvan.

Job weet egter wel dat God groot en wys is; deur daaroor te praat, help Sofar hom nie verder nie.

Job het gesê dat God „verbyskuif" (9:11). Sofar gaan verder daarop in en sê dat God dan gevange neem en 'n regsvergadering oproep, d.w.s. dat Hy die vonnis vel. As Hy rondgaan deur die skepping, sien Hy die sondaars sommer vanself. Sekerlik het dit met Job ook so gegaan; deur daarop te let, kan 'n mens tot insig kom, sodat 'n domme verstand verkry. Dit is sydelings op Job gemik; hý is die dom man! Die woorde, „dat 'n jong wilde-esel as mens gebore (herbore) word" (12b), is waarskynlik 'n spreekwoord.

13 As jý jou hart berei
en jou hande uitbrei na Hom –
14 as daar ongeregtigheid in jou hand is,
verwyder dit,
en laat geen onreg in jou tente woon nie –
15 ja, dan sal jy jou aangesig kan ophef,
vry van smet;
en jy sal vasstaan sonder om te vrees.
16 Ja, jý sal die moeite vergeet;
soos aan water wat verbygeloop het,
sal jy daaraan dink.
17 En helderder as die middag sal die lewe oprys;
is dit donker – dit sal wees soos die môre!
18 En jy sal vertrou, want daar is verwagting;
en kyk jy rond – jy sal in veiligheid gaan slaap.
19 Ook sal jy lê sonder dat iemand jou skrikmaak;
en baie sal jou guns soek.

20 Maar die oë van die goddelose sal versmag,
en die toevlug is vir hulle verlore;
en hulle verwagting is – uitblasing van die laaste asem.

Die raad wat Sofar aan Job gee, is dieselfde as wat Bildad (8:5) gegee het: hy moet rein wees, die hande uitbrei, d.i. bid, in oorgawe, sonder kritiek. Dan sal dit met Job goed gaan (vs. 15–19). Bildad het toe die vermaning beëindig met 'n tekening van voorspoed; Sofar doen net die omgekeerde; hy eindig met 'n beskrywing van die lot van die goddelose.

Die waarheid van Sofar se beskouing kan moeilik ontken word. Sê, om een voorbeeld uit vele te noem, Psalm 92 dit nie ook nie? Job weet dit ook alles (12:3). Maar dit los nie sy probleem op nie. Die drie vriende het nou aldrie hul mening – dieselfde mening – gelug. Elkeen van hulle het 'n eie grond vir sy mening. Élifas beroep hom op 'n openbaring (4:12 e.v.); Bildad op die vorige geslagte (8:8–10); Sofar beweer dat hy wel weet wat God, indien Hy sou spreek, sou sê. Dit is enigsins aanmatigend, veral vir 'n man wat self praat oor die diepte van die wysheid van God. Dit is ook subjektief.

Ook vandag kan ons nie argumenteer deur te sê: „Jesus sou in hierdie geval gesê het . . ." nie, want Jesus het in die evangelies meestal iets anders gesê as wat ons sou gedink het!

*Antwoord van Job aan die drie vriende* (hfst. 12, 13, 14)

12:1 Maar Job het geantwoord en gesê:
2 Waarlik, ja, julle is die regte mense,
en saam met julle sterf die wysheid uit!
3 Ook ek het verstand soos julle;
ek staan nie vir julle terug nie;
en wie weet sulke dinge nie?
4 Ek moet 'n belagging wees vir my vriend,
ek wat God aangeroep en verhoring gevind het –
'n belagging is die regverdige, die opregte!
5 Vir die ongeluk is daar veragting
volgens die gedagte van hom wat lekker lewe;
dit staan klaar vir hulle wie se voet wankel.
6 Rustig staan die tente van die verwoesters,
en sekerheid is die deel
van hulle wat God vertoorn,
van hom wat sy god in sy hand dra.



Die vriende het nou aldrie gepraat. Job antwoord met die sarkastiese opmerking dat hulle sulke wyse manne is! Maar alles wat hulle sê, weet hý ook. Sofar beskou hom ten onregte as 'n dom man (11:12). Dit is 'n bespotting van hom, 'n regverdige, wat tog (vroeër) gemeenskap met God geken het. Maar so gaan dit gewoonlik, sê Job: as iemand in ongeluk verkeer, dan is dit sy eie skuld!

7 Maar vra tog vir die diere, dat hulle jou leer;
en die voëls van die hemel, dat hulle jou te kenne gee;
8 of spreek die aarde aan, dat dit jou leer,
en laat die visse van die see jou vertel.
9 Wie weet nie deur al hierdie dinge
dat die hand van die HERE dit gemaak het nie?
10 In wie se hand die siel is van alles wat leef,
en die gees van alle menslike vlees.
11 Moet die oor nie woorde toets
soos die verhemelte spys proe nie?
12 By die grysaards is wysheid,
en in lengte van dae is verstand.

So gaan dit ook in die dierewêreld (vs. 7–8). Job bedoel daar geld die reg van die sterkste. En dit is die HERE wat dit doen! Dit is God se grootheid in sonderlinge dinge waarvan hy straks nog meer voorbeelde opnoem (13–25).

Opmerklik is dit dat die godsnaam HERE hier (vs. 9) gebruik word. Dit is elders in hierdie boek ook die geval (1:6 en telkens), maar nêrens anders in die gesprekke nie. In die gesprekke word ander godsname gebruik soos God, die Allerhoogste of ook die Heilige (6:10). Vs. 9b is egter dieselfde as Jes. 41:20 en daar staan ook HERE. Moontlik het ons met 'n aanhaling te doen.

Maar, sê Job, die oor moet die woorde toets; 'n mens moet al horende beoordeel wat gesê word. So proe die verhemelte mos ook die spys. So sal Job toets wat die vriende gesê het! Die woorde wat hierop volg, „By die grysaards is wysheid . . .", kan ook as 'n vraag vertaal word, waarmee dan die sekerheid van hierdie reël in twyfel getrek word.

12:13 By Hóm is wysheid en mag;
Hý het raad en verstand.
14 Kyk, Hy breek af,
en daar word nie opgebou nie;

Hy sluit 'n man as gevangene op,
en daar word nie oopgemaak nie.
15 Kyk, Hy hou die waters terug,
en hulle verdroog;
ook laat Hy hulle los,
en hulle keer die aarde om.
16 By Hóm is krag en beleid;
syne is die verdwaalde en hy wat laat dwaal.
17 Hy voer raadsmanne uitgeplunder weg,
en regters maak Hy tot dwase.
18 Hy maak die band los waar konings mee bind,
en bind 'n lyfdoek om hulle heupe.
19 Hy voer priesters uitgeplunder weg
en bring wie vasstaan, tot 'n val.
20 Hy neem die spraak van die betroubare mense weg
en beroof die ou mense van hul oordeel.
21 Hy stort veragting uit oor die edeles
en maak die gordel van die magtiges slap.
22 Hy openbaar dieptes uit die duisternis uit,
en doodskaduwee bring Hy uit in die lig.
23 Hy maak nasies groot en laat hulle omkom;
Hy brei nasies uit en voer hulle weg.
24 Hy neem die verstand weg van die volkshoofde van die land
en laat hulle ronddwaal in 'n wildernis, sonder pad.
25 Hulle tas in die duisternis, sonder lig;
en Hy laat hulle ronddwaal soos 'n dronk man.

Job sal nou die woorde van sy vriende van nader bekyk.

Dat die vriende die wysheid van God prys – daarmee kan Job instem. Hy doen dit self ook, in vs. 14–25. As voorbeelde van die wysheid en mag van God se raad en verstand noem hy egter skokkende dinge met 'n vernietigende uitwerking, wat die raad van God grillig laat lyk, bv. „Hy beroof die ou mense van hul oordeel" (vs. 20; vergelyk hiermee vs. 12!). Dat Job sulke voorbeelde kies, hang natuurlik saam met sy eie ondervinding van wat God doen. Hy word ook vreemd deur God behandel.

13 : 1 Kyk, alles het my oog gesien,
my oor gehoor en opgemerk.
2 Wat julle weet, weet ek ook:
ek staan nie vir julle terug nie.



3 Maar ék sal met die Almagtige spreek,
en ek verlang om te pleit by God.
4 Maar julle pleister met leuens,
kwaksalwers is julle almal.
5 Ag, as julle maar heeltemal wou swyg –
dan sou dit vir julle wysheid wees!
6 Hoor tog na my verantwoording,
en luister na die aanvalle van my lippe.
7 Wil julle, tot verdediging van God, onreg spreek
en ten behoewe van Hom bedrog laat hoor?
8 Wil julle vir Hom partydig wees?
Of wil julle vir God pleit?
9 Sal dit goed wees as Hy julle ondersoek?
Of wil julle Hom bedrieg
soos 'n mens bedrieg word?
10 Hy sal julle sekerlik straf
as julle in die geheim partydig is.
11 Sal sy hoogheid julle nie verskrik nie,
en die skrik vir Hom julle nie oorval nie?
12 Julle kernspreuke is spreuke van as,
julle skanse word skanse van klei.

Dit is my ervaring, sê Job (13 : 1). Ek weet dit ewe goed as julle.

En tog, ondanks die angswekkende grootheid van God, wil hy met Hom spreek. Dit is 'n oplewing in sy geestesgesteldheid, vgl. 10 : 2. Hy verlang om te pleit by God. Hy gaan weer veg!

Voordat hy egter weer sy saak, sy geding met God aanpak, gee hy sy vriende 'n gedugte skrobbering. Hulle pleister met leuens en is kwaksalwers! Daarteenoor sal Job die waarheid stel. Dis waar wat hulle sê oor die grootheid van God. Daarmee stem Job saam. Maar hulle lei daaruit af dat Job skuldig is. Dit is 'n leuen! „Hoor tog", sê hy, „na my verantwoording en luister na die aanvalle van my lippe."

Wat die vriende eintlik doen, sê Job, is dat hulle ter verdediging van God onreg spreek. Hulle wil in God se goeie boekies kom! Wat God aan Job doen, praat hulle goed deur te beweer dat God reg is omdat Job gesondig het. Ten behoewe van God spreek hulle bedrog. Hulle is partydig ten gunste van God. Maar so laat God hom nie bedrieg nie!

Ons sal aan hierdie woorde van Job moet dink as ons uitgekom het by Job 42 : 7, waar God aan die vriende van Job sê dat hulle nie reg van Hom gespreek het nie.

Dis waar dat straf op sonde volg, maar daarom is die omgekeerde, dat rampe bewys is van sonde, nog nie waar nie. Dit is 'n verkeerde beoordeling van wat God doen (Joh. 9:3). Die stellings van die vriende is skanse van klei, asspreuke. God sal die vriende sekerlik straf (10).

13:13 Laat my met rus; dan wil ék spreek;
laat dan oor my kom wat wil.
14 Waarom sou ek my vlees in my tande neem
en my lewe neerlê in my hand?
15 Kyk, al wil Hy my ombring –
ek hoop op Hom;
ek sal tog my wandel voor sy aangesig bepleit.
16 Ook is dit my tot heil
dat 'n goddelose voor sy aangesig nie sal kom nie.
17 Luister goed na my rede
en gee gehoor aan my verklaring.
18 Kyk tog, ek dra die regsaak voor;
ek weet dat ék reg sal hê.
19 Wie durf my dan bestry?
Ja, dan sou ek swyg en sterwe.
20 Moet my net twee dinge nie aandoen nie,
dan sal ek my vir u aangesig nie verberg nie:
21 trek u hand weg van my af,
en laat die skrik vir U my nie beangstig nie.
22 Klaag dan maar aan, en ék sal antwoord;
of ek sal spreek, en gee U my antwoord.
23 Hoeveel is my ongeregtighede en sondes;
maak my my oortreding en sonde bekend.
24 Waarom verberg U u aangesig
en hou my vir 'n vyand van U?
25 Wil U 'n verwaaide blaar skrik aanja
en die droë stoppel agtervolg?
26 dat U bitter dinge oor my beskik
en my die ongeregtighede van my jeug laat erwe,
27 en dat U my voete in die blok sit
en al my paaie bewaak?
U trek vir U 'n streep om die sole van my voete;
28 en dít iemand wat verval soos hout
wat weggevreet is,
soos 'n kleed wat die mot verteer.



Na die bestraffing van sy vriende sal Job dan tot die aanval oorgaan. Maar eers het hy nog baie oorwegings, want hy begin 'n gevaarlike onderneming. Sal God hom nie vernietig nie (9:17)? Maar hy sal „sy vlees in sy tande neem", d.w.s. die uiterste waag. Hy wil nie alles gee vir sy lewe nie (kyk 2:4b), maar sy lewe gee vir sy saak, sy regsaak, nl. dat hy onskuldig is. Al sou God hom ombring, tog sê Job: „Ek hoop op Hom." Dit is verbasende woorde hierdie. Hulle bewys hoe styf Job aan God vashou, die God wat hom wonderbaarlik teen hom gedra (10:16). Maar hy sal sy regsaak stel. 'n Goddelose sal dit nie waag nie! Maar Job wel. Is dit nie alreeds 'n bewys in sy guns nie?

Job het nog 'n oorweging, dieselfde wat hy ook in 9:34 uitgespreek het. God moet twee dinge doen: sy hand van hom af wegtrek en hom nie met skrik vir Hom beangs maak nie, sodat hy onbevange kan praat en hulle, nl. God en Job, saam na die gereg kan gaan (9:32). Kla dan maar aan, sê Job. Hy sal antwoord. Of Job kan begin en dan moet God antwoord! So moet dit hier, want God swyg natuurlik. Job spreek sy aanklag uit: „Hoeveel is my ongeregtighede en sondes? Maak my oortreding en sonde bekend." Dit is die „aanval van sy lippe" (13:6). Het God rede om sy aangesig vir Job te verberg? Dan gaan Job se aanklag oor in verwyte, nl. dat God bitter dinge oor hom beskik. Of is dit nog weens die sondes van sy jonkheid (Ps. 25:7)? Moet hy daaroor nog 'n man wees wat aan alle kante ingesluit is (3:23) met die voete in die blok? Is dit dan so erg met hom gesteld (9:35)? Hy is mos niks meer as 'n verwaaide blaar en 'n droë stoppel nie.

Op hierdie klag loop sy aanval uit!

14:1 Die mens uit 'n vrou gebore,
is kort van dae en sat van onrus.
2 Hy spruit uit soos 'n blom en verwelk;
ook vlug hy soos 'n skaduwee
en hou nie stand nie.
3 En oor so een maak U die oë oop,
en U bring my voor u gereg.
4 Ag, kon maar 'n reine voortkom
uit 'n onreine – nie een nie!
5 As dan sy dae vasgestel is,
die getal van sy maande by U is,
U vir hom grense gestel het
waar hy nie oor kan gaan nie,

6 kyk dan weg van hom af, dat hy kan rus –
totdat hy soos 'n dagloner
hom tevrede voel met sy dag.
7 Want vir 'n boom is daar verwagting:
as dit afgekap word, loop dit weer uit
en sy loof ontbreek nie.
8 As sy wortel oud word in die aarde
en sy stam sterf in die stof –
9 van die reuk van die water spruit dit weer uit,
en dit maak 'n tak soos 'n jong plantjie.
10 Maar 'n man sterwe en is magteloos;
ja, 'n mens blaas die asem uit en –
waar is hy?
11 Die waters verdwyn uit die groot waterplas,
en die rivier droog uit en lê droog –
12 so lê die mens daar sonder om weer op te staan;
totdat die hemele nie meer is nie,
word hulle nie wakker
of uit hulle slaap opgewek nie.
13 Ag, as U my maar in die doderyk wou wegsteek,
my wou verberg totdat u toorn bedaar het,
my 'n bepaalde tyd wou stel
en dan aan my wou dink!
14 As 'n mens sterwe, sal hy weer lewe?
Dan sou ek hoop al die dae van my stryd
totdat my aflossing kom;
15 U sou roep, en ek sou U antwoord,
na die maaksel van u hande sou U verlang.
16 Want nou tel U my voetstappe.
Let U nie op my sonde nie?
17 My oortreding is verseël in 'n bondeltjie,
en U sluit my ongeregtigheid weg.
18 Maar soos 'n berg stukkend val as dit neerstort,
en 'n rots versit word uit sy plek;
19 die water klippe glad skuur;
die stortvloede daarvan die grond van die aarde wegspoel;
so is die verwagting van 'n mens –
U maak dit tot niet.
20 U oorweldig hom vir ewig, en hy gaan heen;
U verander sy gelaat en stuur hom weg.
21 Sy kinders kom in eer,
maar hy word dit nie gewaar nie;



en hulle word gering,
maar hy let nie op hulle nie.
22 Net sy vlees aan hom voel pyn,
en sy siel in hom treur.

Oor die gedagte dat 'n mens te kortstondig is om so streng deur God beoordeel te word, brei Job nou verder uit (hfst. 14). 'n Mens is mos soos 'n blom wat verwelk en soos 'n vlugtige skaduwee (vgl. 7:7). God moet hom rus gee, verademing skenk (10:20), want as die mens sterf, is alles verby (vs. 10). Dit is ook 'n rede waarom God hom *nou* verligting moet gee (10:20). Maar op hierdie punt ontstaan 'n nuwe vraag in Job se gedagtegang: as 'n mens sterwe, sal hy weer lewe? Hy dink aan 'n afgekapte boom. Dit spruit weer uit van die „reuk van die water" en maak 'n tak soos 'n jong plantjie! Die doderyk is egter die plek vanwaar niemand terugkeer nie (10:21): „Ag", sê hy, „as U my maar in die doderyk wou wegsteek en my verberg totdat u toorn bedaar het." As God maar „'n bepaalde tyd wou stel en dan aan my wou dink." Watter mooi vooruitsig sou dit wees! Dan sou Job hoop gedurende die dae van sy stryd totdat sy aflossing kom! God sou roep en Job sou antwoord. God sou toon dat Hy na die maaksel van sy hande verlang. Hy het Job gemaak (10:8–12); Hy kan hom tog nie laat óndergaan nie? 'n Oomblik verheug Job hom in dié gedagte, maar daarna sink hy weer terug in moedeloosheid.

Tog is dit 'n belangrike gedagte. Nes die gedagte aan 'n skeidsregter wat daar nie is nie (9:33), is die gedagte aan uitkoms uit die doderyk wat ongehoord sou wees, soos 'n kiem wat in sy gees werksaam is! Maar voorlopig verdwyn die gedagtes weer onder die druk van sy leed, want God tel sy voetstappe (13:27) en maak sy verwagting tot niet. In hierdie verband praat Job oor sy oortreding (kyk 7:21). Sy oortreding is verseël in 'n bondeltjie en God sluit sy ongeregtigheid weg. Ons vind hierdie uitdrukkings ook in Deut. 32:34 en Hos. 13:12. Hulle beteken soos Paulus aldus omskryf: „(jy) vergader vir jou toorn as 'n skat in die dag van toorn en die dag van die openbaring van die regverdige oordeel van God" (Rom. 2:5).

Is Job dus tog 'n oortreder? Hy erken dit hier. (Kyk ook 7:21.) Die openbaring aan Élifas het wel indruk op hom gemaak (4:17). Maar Job het tog met klem verklaar dat hy onskuldig is en dat God dit ook heel goed weet (10:7)! Ja, maar 'n sondige mens kan in 'n bepaalde saak wel onskuldig wees! Dit is dan sy saaksgeregtigheid! Maar op die oomblik is Job oorstelp deur sondigheids-

gevoelens en sien hy geen uitkoms meer nie. So eindig sy antwoord aan die drie vriende.

In die laaste verse (21, 22) lees ons nog belangrike uitsprake oor die bestaan van die dooies: hulle het geen kennis van wat op die aarde gebeur nie – „net sy vlees aan hom voel pyn en sy siel in hom treur."

Die dooies in die land van duisternis en doodskaduwee (10:21) word dus voorgestel asof hulle nog liggaam en siel besit!

Die drie vriende het nou gepraat en Job het drie keer geantwoord. Hiermee eindig die eerste ronde van die gesprekke.

*Tweede antwoord van Élifas aan Job*

15:1 Toe het Élifas, die Temaniet, geantwoord en gesê:
2 Sal 'n wyse man met winderige wetenskap antwoord gee
en sy buik vul met oostewind –
3 deur te pleit met woorde wat nie baat
en met bewerings waarmee hy niks uitrig nie?
4 Ja, jý breek die Godsvrees af
en verstoor die stille oordenking voor die aangesig van God.
5 Want jou ongeregtigheid gee onderrig aan jou mond,
en jy kies die taal van die listiges.
6 Jou eie mond veroordeel jou, en nie ek nie;
ja, jou eie lippe getuig teen jou.
7 Is jy die eerste as mens gebore
en voor die heuwels in die wêreld gebring?
8 Het jy in die raad van God afgeluister
en die wysheid na jou toe getrek?
9 Wat weet jy wat ons nie weet nie?
Wat verstaan jy wat in ons nie is nie?
10 Ook is daar grys hare, ook bejaardes onder ons,
ryker in dae as jou vader.
11 Is die vertroostinge van God vir jou te min,
en 'n woord met sagtheid jou toegespreek?

Élifas neem weer die woord (hfst. 15) en daarmee begin die tweede ronde van die gesprekke. Nes Bildad (8:1), noem hy Job 'n windbuil, 'n grootprater, wie se grootpratery niks beteken nie. Job kon sy vriende nie tot ander insigte bring nie; hulle bly op hul standpunt staan. Élifas beskuldig Job daarvan dat hy die godsvrees afbreek en die stille oordenking voor die aangesig van God versteur.



Dit wil ons goed glo! Job het die gevestigde opinie aangeval en hulle selfversekerde beskouings bestry.

Élifas sê dat Job slegs so kan praat, omdat hy hom laat lei deur sy eie ongeregtigheid. Uit wat hy sê, blyk sy sondigheid. Die beskuldiging van die kant van die vriende word nou regstreeks uitgespreek. Waar kry Job sy wysheid vandaan? Hoë ouderdom besit wysheid! Is Job dan die eerste van die mense? Het hy afgeluister in die raad van God? Dit is 'n spotvraag.

Élifas betwis Job se wysheid; die vriende is ouer as hy! Hulle het Job met sagtheid – so sê hy – toegespreek deur hom te wys op die voorspoed van die vrome en die rampspoed van die goddelose. Hy beskou dit as vertroostinge van God! Maar Job het dit verag.

12 Waarom sleep jou hart jou weg?
En waarom flikker jou oë so –
13 dat jy jou toorn rig teen God
en sulke woorde uit jou mond laat uitgaan?
14 Wat is die mens, dat hy rein sou wees?
En hy wat uit 'n vrou gebore is, dat hy regverdig sou wees?
15 Kyk, in sy heiliges stel Hy geen vertroue nie;
ja, die hemele is nie rein in sy oë nie;
16 hoeveel minder die afskuwelike en ontaarde,
die mens wat onreg drink soos water!
17 Ek wil jou inlig, luister na my;
en wat ek gesien het, wil ek vertel;
18 wat die wyse manne verkondig sonder om iets te verberg,
van hulle vaders af oorgelewer;
19 aan hulle alleen was die land gegee,
en geen vreemdeling het nog onder hulle deurgetrek nie.
20 Al sy dae leef die goddelose in angs
ja, al die jare deur wat vir die tiran bepaal is.
21 Skrikgeluide is in sy ore;
in volle vrede oorval die verwoester hom.
22 Hy glo nie dat hy uit die duisternis sal terugkeer nie;
en hy is bestemd vir die swaard.
23 Hy dwaal rond en soek brood. Waar is dit?
Hy weet dat gereed is, ophande, die dag van duisternis.
24 Benoudheid en angs verskrik hom;
dit oorweldig hom soos 'n koning
wat gereed staan vir die aanval,
25 omdat hy sy hand uitgesteek het teen God
en die Almagtige getrotseer het

26 (hy het Hom stormgeloop met uitgerekte nek,
met die dik bulte van sy skilde);
27 omdat hy sy gesig met sy vet oordek
en 'n vetlaag op sy heupe gevorm het,
28 en verdelgde stede bewoon het,
huise wat nie bewoon moes word nie,
wat bestem was om puinhope te bly.

Blykbaar het Job met vuur gepraat, met „verbitterdheid en nawyer" (5:2). Daarom sê Élifas: „Waarom sleep jou hart jou weg? En waarom flikker jou oë so?" Hy vind dit 'n verkeerde opgewondenheid: Job rig sy toorn teen God. Dan kom Élifas weer terug op sy openbaring: „Wat is die mens dat hy rein sou wees?" (4:17) en maak weer die stelling dat selfs die engele nie rein is voor God nie. Dit is egter nie deurgaans die leer van die Heilige Skrif oor die engele nie (Matt. 25:31; Openb. 14:10), tensy I Kon. 22:22 betekenis vir hierdie vraagstuk het.

Élifas sal nou vir Job die waarheid vertel, volgens oorlewering uit ou tye toe daar nog geen nieuligtery of vreemde invloede tot die land deurgedring het nie (vs. 18, 19).

Die ou stelling van die rampspoed van die goddelose word nou inderdaad deur Élifas in nuwe kleure geteken. Hy beskryf dit nou van psigologiese kant: „Al sy dae leef die goddelose in angs . . . skrikgeluide is in sy ore . . ." (vs. 20 e.v.). As hy die goddelose gedrag beskryf, neem sy tekening trekke aan wat op Job toegepas kan word, bv. „hy het Hom stormgeloop met uitgerekte nek" (vs. 26). Dit het Job gedoen met sy aanvalle op God so dikwels as wat sy veglus weer in hom opgeflikker het! Met waarlik skone bewoording en treffende beelde teken Élifas die droewige lot van die goddelose (vs. 29–35).

15:29 Hy bly nie ryk
en sy vermoë hou nie stand nie,
en hulle besitting buig nie soos koringare
na die aarde toe nie.
30 Hy ontvlug nie die duisternis nie,
die vlam laat sy spruit verdroog,
en hy vergaan deur die geblaas van die mond van God.
31 Laat hom nie vertrou op nietigheid nie –
hy kom bedroë uit! –
want nietigheid sal sy vergelding wees.



32 Voor sy tyd word dit vervul,
en sy palmtak bly nie meer groen nie.
33 Hy skud sy onryp druiwe af soos 'n wingerdstok
en gooi sy bloeisel af soos 'n olyfboom.
34 Want die bende van die goddelose is onvrugbaar,
en vuur verteer die tente van omkopery.
Hulle is swanger van moeite en baar onheil;
en hulle skoot bring bedrog voort.

*Tweede antwoord van Job aan Élifas* (hfst. 16, 17)

16:1 Maar Job het geantwoord en gesê:
2 Dergelike dinge het ek al baie gehoor:
treurige vertroosters is julle almal.
3 Kom daar nou 'n einde aan winderige woorde?
Of wat prikkel jou dat jy antwoord?
4 Ek sou ook kon spreek soos julle
as julle siel in die plek van my siel was;
ek sou woorde aanmekaar kon koppel teen julle
en my hoof oor julle skud;
5 ek sou julle kon versterk met my mónd,
en die troos van my lippe sou versagting aanbring!
6 As ek sou spreek, my smart word nie versag nie;
en as ek ophou – watter verligting bring dit my?
7 Maar nou het Hy my uitgeput;
U het my hele huishouding verwoes.
8 En U het my gegryp –
'n getuie het dit teen my geword;
en my siekte staan teen my op,
dit getuig openlik teen my.
9 Sy toorn het verskeur en my as vyand behandel;
Hy het teen my gekners met sy tande;
as my teëstander kyk Hy my met skerp oë aan.
10 Hulle het hul mond teen my oopgespalk;
smadelik het hulle my op die kakebeen geslaan;
soos een man versamel hulle hul teen my.
11 God gee my oor aan slegte mense
en werp my in die hande van die goddelose.
12 Ek het rustig gelewe;
toe het Hy my verbrysel

en my aan die nek gegryp en my verpletter;
en Hy het my vir Hom as teiken opgestel.
13 Sy pyle gons om my heen;
Hy splits my niere sonder verskoning;
Hy werp my gal op die grond uit.
14 Bres op bres breek hy in my;
Hy loop my storm soos 'n held.
15 'n Roukleed het ek oor my vel vasgewerk
en my horing in die stof gesteek.
16 My gesig het rooi geword van geween,
en oor my ooglede is daar 'n doodskaduwee;
17 alhoewel daar geen gewelddaad in my hande is nie
en my gebed rein is.

Job begin deur te sê dat Élifas niks nuuts na vore gebring het nie. Hy noem sy woorde ook „winderig", d.w.s. hol en grootpraterig. As die rolle omgekeerd was, sou Job ook maklik so kon praat. Maar die rolle is nie omgekeerd nie: Job is in lyding en hy gee 'n aangrypende beskrywing van sy lyding (vs. 7–16). Daarin sê hy weer duidelik dat dit God is wat hom dit aandoen. Dié erkenning is baie belangrik. Hy het met God te doen en wil nou ook alles tussen hom en God regmaak. 'n Goddelose sou sy rug op God draai (13:16). Maar Job sê: „U het my gegryp". Midde-in sy rustige lewe het God hom aan die nek gegryp en hom verbrysel (vs. 12). Maar sy klag loop uit op 'n hernieude onskuldbetuiging: God het dit gedoen „alhoewel daar geen gewelddaad in my hande is nie en my gebed rein is" (vs. 17).

16:18 o Aarde, moenie my bloed bedek nie,
en laat daar geen rusplek vir my geroep wees nie.
19 Selfs nou, kyk, in die hemel is my Getuie;
en Hy wat saam met my getuig, is in die hoogtes.
20 My vriende spot met my;
uit my oog drup trane tot God –
21 dat Hy kan pleit vir 'n man by God
en as Menseseun vir sy naaste.
22 Want maar min jare kom –
dan bewandel ek 'n pad
waarlangs ek nie terugkeer nie.
17:1 My gees is verward,
my dae is uitgeblus,
die graf wag op my.



2 Waarlik, bespotting is my deel,
en op hulle getwis moet my oog rus.
3 Gee tog 'n pand, staan borg vir my by U;
wie anders sal vir my borgskap verleen?
4 Want U het húlle hart gesluit vir verstand;
daarom sal U hulle nie laat triomfeer nie.
5 Hy wat vriende aanklaag vir 'n buitaandeel –
die oë van sy kinders sal versmag.
6 Maar Hy het my 'n spreekwoord vir die mense gemaak,
en ek moet iemand wees wat hulle in die gesig spuug.
7 Daarom het my oog dof geword van verdriet,
en al my lede is soos 'n skaduwee.
8 Die opregtes is daaroor ontsteld,
en die onskuldige kom teen die goddelose in opstand.
9 Nogtans hou die regverdige vas aan sy weg,
en die wat rein van hande is, neem toe in krag.
10 Maar, kom maar altyd weer aan, julle almal!
'n Wyse vind ek onder julle tog nie.
11 My dae is verby, my planne tot niet,
die wense van my hart.
12 Van die nag maak hulle 'n dag;
lig, sê hulle, is naby vanweë die duisternis.
13 As ek hoop op die doderyk as my huis;
in die duisternis my bed uitsprei,
14 die grafkuil toeroep: My vader is jy;
die wurms: My moeder en my suster,
15 waar is dan my verwagting?
Ja, my verwagting, wie ontdek dit?
16 Na die grendels van die doderyk sal dit neerdaal,
wanneer daar tegelykertyd rus is in die stof.

Job het al meermale sy onskuld betuig (6:20; 9:21; 10:7; 13:18), maar nou gaan hy verder as om net daarvan te praat. Hy wil nou ook dat aan hom in sy onskuld reg gedoen word, dat sy onskuld geregtelik erken word. Daar moet met sy verklarings rekening gehou word. Sy saak mag nie in die doofpot kom nie. Daarom roep hy uit: „o Aarde, moenie my bloed bedek nie" (16:18).

In die geskiedenis van Kain en Abel lees ons dat God vir Kain sê: „Die stem van die bloed van jou broer roep na My van die aarde af" (Gen. 4:10). In Eség. 24 lees ons dat God die bloed van Jerusalem op 'n kaal rots neergesit het, Hy het dit nie op die grond uitgegooi om dit met stof te bedek nie. Hy sê: „Om wraak te neem het Ek sy

bloed op 'n kaal rots neergesit, dat dit nie toegemaak sou word nie" (vs. 7, 8). Bloed spreek 'n skril taal; dit skreeu om wraak! Maar as dit met stof bedek word, word die stem gesmoor. As Job dus sê, „o Aarde, moenie my bloed bedek nie", bedoel hy dat die stem van sy bloed nie gesmoor moet word nie. Hy sê verder: „laat daar geen rusplek vir my geroep wees nie", d.w.s. sy geroep, die roepstem van sy bloed, moet nie êrens bly hang nie, maar reëlreg deurdring tot God. Die agtergrondsgedagte hier is dié van bloedwraak. Iemand wat vermoor is, moet gewreek word. So sê Job, dat sy dood (wat gou sal kom, vs. 22), wat hy as 'n moord beskou, gewreek moet word. Sy dood is 'n moord – God het hom mos aangegryp en hom verbrysel en verpletter. En onskuldig! As aan hom tydens sy lewe geen reg verskaf word nie, dan na sy dood.

Maar Job sê nog meer: „Selfs nou" (terwyl hy in sy lyding verkeer), „kyk, in die hemel is my Getuie." Daar in die hoogtes is Hy wat saam met hom getuig. Op die aarde is net spotters – sy vriende. Maar in die hemel is sy getuie, sy pleitbesorger. Hiermee bedoel hy sy God. God weet mos, so het hy reeds gesê (10:7), dat Job onskuldig is. Hy wend hom af van sy spottende vriende en wend hom tot God, met oë vol trane! Sou God die trane nie sien nie? (vgl. II Kon. 20:5.) En wat verwag hy dan van God? Dat Hy kan pleit, uitspraak doen, vir 'n man by God! „Vir 'n man!" Daarmee bedoel hy homself! God moet dus self by God pleit. Kan godsvertroue duideliker uitgespreek word as deur hierdie woorde? Job verwag van God wat hom pla, ook die uitkoms. Sy woorde laat ons dink aan dié van Petrus, „Here, U weet alles, U weet dat ek U liefhet." 'n Gelowige verloor alle grond in homself en val terug op God.

In die tweede gedeelte van vs. 21 staan: „en as Menseseun vir sy naaste." Deur die hoofletter word die woord „Menseseun" swaar gelaai met betekenis. Dit lei ons gedagtes na die hemelse figuur „Een soos die Seun van 'n mens" uit Dan. 7:13 en na die naam waarmee Jesus homself dikwels aangedui het. Ook vir die woordjie „as" (voor Menseseun) is daar geen grond in die oorspronklike teks nie. Die eenvoudigste vertaling hier is: „en (vir) 'n mensekind (= 'n man) jeens sy naaste"; dan kan ook vertaal word: „tussen 'n man en sy naaste". Vs. 21 beteken dan dat Job 'n regsuitspraak, 'n pleitbesorger nodig het in tweërlei opsig, by God en jeens die naaste, nl. sy vriende.

In 9:33 mis Job 'n skeidsregter. Hier in 16:21 verwag hy tog dat daar wel só iemand is. Die begrippe „skeidsregter" en „pleit" word in die oorspronklike teks deur dieselfde woordstam aangedui. Daar is dus 'n voortgang in Job se gedagtes en ook 'n wonderlike voortgang, want dieselfde God vir wie hy bang is omdat Hy hom soos 'n



leeu aanval en bestorm, is nou die God van wie hy uitkoms verwag. Hierdie verandering vloei voort uit sy geloof, uit sy geloofsvertroue op die God wat hy in vroomheid en opregtheid gedien het en wie se soewereiniteit hy erken het (1:21; 2:10)! Dieselfde God het hom vreemd jeens Job gedra! En Job het van God af weggedwaal. Maar hy het Hom nooit losgelaat of „gevloek" nie. In die beweging van sy gemoed keer die vertroue op sy God terug! Dit is sy enigste steunpunt te midde van sy spottende vriende (17:1). Maar hy werk hom daaruit op en hy vlug tot God met die woorde: „Staan borg vir my by U; wie anders sal vir my borgskap verleen?" Die gedagte aan 'n skeidsregter of pleitbesorger word dus voortgesit in die vraag om 'n borg. Ons vind die vraag ook in die „geskrif van Hiskia" (Jes. 38:9, ens.), waar hy bid dat God sy Borg moet wees (vs. 14; vgl. ook Ps. 119:122). Ook sluit Job se vraag om borgskap – altans volgens ons Afrikaanse vertaling – in, dat God self die borg moet wees. Wie anders sal dit ook wil wees? Om borg te staan wil sê: vir iemand instaan, jouself aanspreeklik hou vir 'n ander se verpligtinge (vgl. Spr. 6:1).

Die vriende wil dit nie op hulle neem nie, omdat hulle Job as skuldig beskou. Maar God weet, dit is Job se oortuiging! – dat Job onskuldig is. Hý kan dus so 'n borgskap op hom neem. Dan is Job daardeur geregverdig!

Dat die vriende Job se onskuld nie wil erken nie, is ook God se werk! Dit hoort by sy beproewing. Gód het hulle harte gesluit vir verstand. Maar daarom sal God ook nie toelaat dat hulle triomfeer nie. Op die verstandsverblinding (vgl. 12:16) kan geen blywende en geldige oordeel rus nie. Hulle is ontrou (6:15, e.v.). Maar desondanks hou die regverdige (Job!) vas aan sy weg; hy neem toe in krag, soos Job betoon het in die voortgang van sy geloofsoorwegings waarin hy van God verwag wat hy nodig het: 'n pleitbesorger, 'n borg.

Na hierdie geestesspanning sink Job weer terug in moedeloosheid. Hy staar die dood in die gesig. Sal daar dan van sy verwagting niks tereg kom nie (17:15)?

*Tweede antwoord van Bildad* (hfst. 18)

18:1 Toe het Bildad, die Suhiet, geantwoord en gesê:
2 Hoe lank wil julle jaag agter woorde?
Word verstandig, en daarna sal ons spreek.
3 Waarom word ons as vee gereken,
is ons dom in julle oë?

4 Jy, iemand wat homself verskeur in sy toorn –
sal om jou ontwil die aarde verlate wees
of 'n rots uit sy plek versit word?
5 Ja, die lig van die goddelose gaan dood,
en die vlam van sy vuur bly nie flikker nie.
6 Die lig in sy tent word duisternis,
en sy lamp bo hom gaan dood.
7 Sy geweldige treë word ingekort,
en sy eie plan gooi hom omver.
8 Want hy raak in 'n net deur sy eie voete,
en hy loop oor die vlegwerk van 'n vangkuil.
9 'n Vangnet gryp sy hakskeen,
'n strik hou hom vas.
10 'n Tou is vir hom verberg in die grond
en 'n valstrik vir hom op die pad.
11 Verskrikkinge beangstig hom aan alle kante
en jaag hom so ver as hy gaan.
12 Sy onheil het honger,
en die ondergang staan gereed vir sy val.
13 Die eersgeborene van die dood
verteer die lede van sy liggaam,
hy verteer sy lede.
14 Weggeruk word hy uit sy tent,
die voorwerp van sy vertroue;
en dit laat hom aanstap na die koning van die verskrikkinge.
15 Daar woon in sy tent iets wat hom nie toebehoort nie;
swawel word gestrooi oor sy woning.
16 Onder verdroog sy wortels,
en bo verwelk sy tak.
17 Sy gedagtenis vergaan van die aarde af,
en hy het geen naam op die wye veld nie.
18 Hulle stoot hom uit die lig in die duisternis,
en uit die wêreld verjaag hulle hom.
19 Hy het geen kroos of nageslag onder sy volk
en niemand wat oorbly in sy wonings nie.
20 Oor sy dag staan die mense van die Weste verskrik,
en siddering gryp die mense van die Ooste aan.
21 Sekerlik, so gaan dit met die wonings van die kwaaddoener
en so met die plek van hom wat God nie ken nie.

Bildad sê dat die heftige woordestryd moet bedaar. Veral Job was so opgewonde dat hy homself in sy toorn verskeur en met sy bewe-



rings alle verhoudings in die wêreld omkeer. As die sprekers dan verstandig geword het, sal hy, Bildad, praat. Hy is tog nie so dwaas soos Job dink nie (17:4, 10).

As Bildad dan praat (vs. 5, ens.), is dit niks nuuts nie, maar 'n herhaling van die stelling dat dit met die goddelose sleg gaan: sy lig, die beeld van lewe en voorspoed, gaan dood. Hy raak verstrik in allerlei ongelukke. Daarby noem hy ook psigologiese trekke soos verskrikkinge en angste (vgl. ook 15:20), vs. 11. Bildad word persoonlik as hy praat oor die eersgeborene van die dood, d.i. die pes en ander dodelike siektes; daaraan ly Job mos ook! Job moet maar na homself kyk om te sien wat die lot van die goddelose is! Hy is op pad na die koning van die verskrikkinge, d.i. die dood. Dan word ook sy tent verwoes, sy nageslag verdwyn, die nagedagtenis aan hom vergaan. Bildad beskryf die ondergang van die goddelose werklik met aangrypende woorde, maar 'n nuwe element bring hy nie na vore nie.

*Tweede antwoord van Job aan Bildad* (hfst. 19)

19:1 Maar Job het geantwoord en gesê:
2 Hoe lank sal julle my siel kwel
en my met woorde verbrysel?
3 Nou tien maal al doen julle my smaadheid aan,
mishandel julle my sonder om julle te skaam.
4 En het ek ook werklik my misgaan,
dan bly my fout by my.
5 As julle jul werklik teen my wil groot maak,
en teen my my smaadheid wil bewys,
6 weet dan dat Gód my onregverdig behandel het
en met sy net my rondom ingesluit het.
7 As ek roep: Geweld! dan word ek nie verhoor nie;
ek roep om hulp, maar daar is geen reg nie.
8 Hy het my weg toegemuur,
sodat ek nie verby kan nie;
en oor my paaie het Hy duisternis gesprei.
9 My eer het Hy van my afgetrek
en die kroon van my hoof weggeneem.
10 Hy werp my aan alle kante omver,
en – daar gaan ek!
En Hy het my verwagting uitgeruk soos 'n boom.
11 Ook het Hy sy toorn teen my laat ontvlam
en my beskou as een van sy vyande.

12 As een man kom sy skare aan
en baan 'n pad vir hulle teen my,
en hulle slaan die laer op rondom my tent.
13 My broers het Hy ver van my verwyder,
en my bekendes het vir my heeltemal vreemd geword.
14 My nabestaandes ontbreek,
en my vertroudes het my vergeet.
15 My bewoners en my slavinne beskou my as 'n vreemde;
'n onbekende het ek geword in hulle oë.
16 Ek roep my slaaf, maar hy antwoord nie;
met my mond moet ek hom smeek.
17 My asem is vir my vrou hinderlik,
en my slegte reuk vir die kinders van my moeder se skoot.
18 Selfs jong seuns minag my;
wil ek opstaan, dan spot hulle met my.
19 Al my vertroude vriende het 'n afsku van my;
en die wat ek liefgehad het,
het hulle teen my gekeer.
20 My gebeente kleef aan my vel en aan my vlees,
en ek het slegs met my tandvlees ontsnap.
21 Ontferm julle oor my,
ontferm julle oor my, o my vriende,
want die hand van God het my getref!
22 Waarom vervolg julle my, soos God,
en word nie versadig van my vlees nie?
23 Ag, mag my woorde tog maar opgeskrywe,
mag hulle maar in 'n boek opgeteken word –
24 met 'n ystergriffel en lood –
vir altyd in 'n rots ingekap!

Job kla weer oor sy vriende wat sy leed net nie wil verstaan nie. Asof hy tog deur hulle bewerings geskok is in sy oortuiging, vra hy: het ek my ook werklik misgaan? is daar fout by my? (vs. 4!). Dan wei hy weer uit oor sy toestand en sê reguit dat God hom onregverdig behandel. Niemand help hom nie. Hy sit in die donker. Sy eer en sy kroon van vroeër is weg. God beskou hom as 'n vyand (vgl. 16:9). Hy is eensaam en verlate. Jong seuns bespot hom. Sy liggaamslyding is vreeslik. Hartroerend klink sy uitroep: „Ontferm julle oor my, ontferm julle oor my, o my vriende, want die hand van God het my getref." God vervolg hom en sy vriende doen dit ook. Hulle word „nie versadig van my vlees nie". Om iemand se vlees te eet, beteken om hom te belaster, vals te beskuldig. Hy wens dat sy



onskuldbetuigings nie verlore gaan nie. Dit is dieselfde wens as in 16:18. Sodat sy woorde nie verlore gaan nie, wens hy dat hulle opgeskryf word, op duursame materiaal. Dan kan hulle wat ná hom kom, dit nog lees en nie dink dat hy 'n goddelose was wat deur sy sonde omgekom het nie.

Hierdie onvervulbare wens is 'n bewys van Job se innerlike stryd om erkenning te kry vir sy onskuldbetuigings. In en deur die stryd kom hy tot 'n ander insig, 'n geloofsinsig, wat beter is as 'n retoriese wens. Hy *weet* iets. Hy roep uit: „Maar ek, ek weet: My Verlosser leef." Sy Verlosser is sy God, met wie hy geveg het om reg en op wie hy bly hoop het (13:15).

19:25 Maar ek, ek weet: My Verlosser leef;
en Hy sal as laaste oor die stof opstaan.
26 En nadat hulle so my vel afgeskeur het,
sal ek nogtans uit my vlees God aanskou;
27 Hom wat ék sal aanskou my ten goede,
en my oë – en geen vreemde nie – sal sien.
My niere versmag van verlange in my binneste.
28 As julle sê: Hoe sal ons hom vervolg,
aangesien die wortel van die saak in hom gevind is! –
29 vrees dan vir die swaard,
want grimmigheid is een van die oortredinge
wat die swaard verdien,
sodat julle kan weet dat daar 'n oordeel is.

„Verlosser" is die vertaling van die Hebreeuse woord *goo'eel*, wat meesal deur losser vertaal word, in die boek Rut en Lev. 25:25 waar ons lees: „As jou broer verarm en van sy besittings verkoop, moet sy losser wat sy nabestaande is, kom en hy moet los wat sy broer verkoop het." Die losser moet die verarmde bloedverwant weer in sy posisie herstel, ook wanneer hy homself verkoop het om sy skulde te betaal. Hy moet hom verlos. So is ook die HERE die Verlosser van Sion (Jes. 59:20; Jer. 50:34). In geval van doodslag is die losser die bloedwreker. Ons moet by hierdie uitspraak van Job aan hom dink. Job bou hier voort aan die gedagte van 16:18, „o Aarde, moenie my bloed bedek nie". Sy bloed, die onreg wat hom aangedoen is, sal gewreek word; sy losser is God. En Hy leef! Hy sal dus ook iets doen. Hy sal as laaste oor die stof opstaan. Hy het die laaste en beslissende woord, nie die vriende nie!

'n Moeilike kwessie in hierdie verband is die vraag of Job die optrede van sy losser tydens sy aardse lewe of na die dood verwag. Die

oudste opvatting is wel dat Job dit na die dood verwag. Dit is die post-mortem opvatting. As beswaar hierteen word ingebring dat Job niks na die dood sou verwag nie; uit die doderyk kom niemand weer op nie (10:21; 14:22; 16:22). Tog was dit ten slotte vir hom ook nog 'n vraag (14:14)! Kon hy in sy uitspraak van 19:25, 26 nie tot 'n positiewe antwoord opgeklim het nie?

Die ander opvatting is die ante-mortem opvatting.

By die beantwoording van hierdie vraag moet ook gelet word op vs. 26, veral op die woorde: „uit my vlees". (Die vertaling van die eerste helfte van hierdie vers is baie onseker.)

Die vertaling „uit my vlees" beteken dat Job as liggaamlik lewende mens God sal aanskou. Hierdie betekenis pas by die ante-mortem opvatting. Daar is egter ook 'n ander vertaling moontlik, nl. „sonder my vlees" of „buite my vlees". Dit pas by die post-mortem opvatting.

Albei opvattings word met krag verdedig en vir altwee word argumente ingebring. Ons wil dit nie nou hier teenoor mekaar afweeg nie. Dit is moeilik om 'n keuse te maak. Die oud-kerklike opvatting was die post-mortem opvatting en dié opvatting is in die Christelike geloofsleer gehandhaaf en wel met behoud van die vertaling „uit my vlees", in die sin van „die opstandingsvlees". In die Heidelbergse Kategismus word in Sondag 22, vraag en antwoord 57, onder die bewystekste vir „die opstanding van die vlees" ook Job 19:25 en 26 vermeld.

Ten slotte bly in albei opvattings die hoofsaak dieselfde: Job sal God aanskou, d.w.s. die guns van God ervaar (Ps. 11:7; 17:15). Die uitdrukking word duidelik deur die gebruik daarvan ten opsigte van aardse konings, kyk Est. 1:14. Job het sy God teruggevind! Die teenstelling van God te aanskou, is dat God sy aangesig verberg. (Ps. 13:2). So was dit met Job gewees (13:24). Maar nou is daar die verwagting van iets anders. Hy sal God ten goede aanskou. God sal dan nie 'n vreemde vir hom wees nie (vs. 27). Heftig verlang hy na die vervulling van hierdie verwagting, hetsy in of na die aardse lewe. Sy niere versmag van verlange. (Die niere word beskou as die setel van die gevoelslewe, Ps. 73:21; Spr. 23:16.)

Hoe het hierdie verandering in Job se sielstoestand plaasgevind? Dit is 'n geloofsoorwinning! In alle ramp en leed het hy sy God nooit losgelaat nie. Hy het altyd met Hom te doen gehad. Sy geloof waaruit hy altyd geleef het, was ernstig geskok deur die rampe, maar dit het van stap tot stap herstel. Die gawe van die geloof is onverwoesbaar en die genadegawes van God is onberoulik (Rom. 11:29). Die geskiedenis van Job is 'n bewys van wat die Dordtse Leerreëls sê



(V, 11): „Intussen getuig die Skrif dat die gelowiges in hierdie lewe teen verskillende twyfelinge van die vlees stry en, as hulle in sware aanvegtinge kom, nie altyd hierdie volle vertroue van die geloof en hierdie sekerheid van die volharding gevoel nie. Maar God, die Vader van alle vertroosting, laat nie toe dat hulle bo hulle kragte versoek word nie, maar Hy sal saam met die versoeking ook die uitkoms gee (1 Kor. 10:13), en Hy wek in hulle die versekerdheid van die volharding deur die Heilige Gees weer op."

Op hierdie hoogtepunt van sy geloofsversekerdheid sien Job in in watter gevaar die vriende verkeer deur hom, die onskuldige, tog te veroordeel. Hy waarsku hulle daarom ernstig. Hy het dit al eerder gedoen (13:10) en nou weer. Die vriende, so veronderstel hy, sal hom verder vervolg, omdat hulle meen dat die wortel van die saak in hom gevind is, d.w.s. die kern van die hele kwessie is Job se hardnekkige verklaring dat hy onskuldig is. Maar Job is daarvan vas oortuig en as die vriende dit ontken, dan is hulle skuldig aan die veroordeling van 'n onskuldige en dit sal in die gerig met die swaard gestraf word.

*Tweede antwoord van Sofar* (hfst. 20)

20:1 Toe het Sofar, die Naämatiet, geantwoord en gesê:
2 Daarom juis antwoord my gedagtes my
en wel weens my haastigheid in my.
3 'n Bestraffing wat vir my griewend is, moet ek aanhoor;
maar die gees uit my verstand antwoord my.
4 Weet jy wel dit wat van altyd af was,
vandat die mens op die aarde gemaak is:
5 dat die gejubel van die goddelose kort van duur is
en die vreugde van die roekelose net vir 'n oomblik?
6 Al klim sy hoogheid na die hemel toe op,
en al raak sy hoof aan die wolke –
7 soos sy eie drek vergaan hy vir ewig;
die wat hom gesien het, vra: Waar is hy?
8 Soos 'n droom vlieg hy weg,
sodat 'n mens hom nie meer vind nie;
en hy word verjaag soos 'n naggesig.
9 Die oog wat hom gesien het, sien hom nie meer nie;
en sy plek aanskou hom nie meer nie.
10 Sy kinders moet die guns soek van armes,
en met eie hande moet hy sy vermoë teruggee.

11 Sy gebeente was vol van sy jeugdige krag;
maar met hom saam lê dit in die stof.
12 Al smaak die kwaad soet in sy mond,
al verberg hy dit onder sy tong,
13 al spaar hy dit, en al wil hy dit nie laat vaar nie,
maar dit terughou in sy verhemelte –
14 tog word sy voedsel in sy ingewande verander,
en dit word gal van adders in sy binneste.
15 Rykdom het hy verslind, maar hy moet dit weer uitspuug;
uit sy buik dryf God dit weg.
16 Die gif van adders suig hy in,
die tong van 'n slang maak hom dood.
17 Hy mag hom nie verlustig in beke,
in vloeiende strome van heuning en dikmelk nie.
18 Wat hy deur arbeid verkry het,
gee hy terug sonder om dit in te sluk;
na die maat van sy ingeruilde rykdom sal hy nie bly wees nie.
19 Want hy het die armes verdruk,
aan hulle lot oorgelaat;
'n huis het hy geroof, maar hy sal dit nie opbou nie.
20 Want hy het geen rus geken in sy binneste nie;
so sal hy dan nie ontsnap met sy kosbare goed nie.
21 Niks het ontkom aan sy vraatsug nie;
daarom is sy voorspoed nie duursaam nie.
22 By die volheid van sy oorvloed sal hy benoud wees;
al die hande van ellendiges oorval hom.
23 Om sy buik te vul,
sal Hy teen hom uitstuur sy toorngloed,
en Hy sal dit op hom laat reën as sy voedsel.
24 Hy sal vlug vir die ysterwapens –
'n koperboog sal hom deurboor.
25 Hy trek – daar kom dit uit sy rug,
en die glinsterende swaard gaan uit sy gal;
verskrikkinge is op hom!
26 Pure duisternis is bewaar vir sy skatte;
'n vuur wat nie deur mense aangeblaas is nie, verteer hom;
dit wei af wat in sy tent oorbly.
27 Die hemel openbaar sy ongeregtigheid,
en die aarde staan teen hom op.
28 Weggevoer word die opbrings van sy huis –
goed wat wegspoel op die dag van sy toorn.



29 Dit is die deel van die goddelose mens van die kant van God
en die erfdeel wat vir hom bestem is deur God.

Sofar voel baie gegrief oor Job se bestrawwende woorde, veral natuurlik oor sy dreigement van die gerig. Job het ook opvallende uitsprake gedoen en 'n kragtige geloofsgetuienis laat hoor, maar daar gaan Sofar nie nader op in nie, al wat hy daarvan sê is die vraag: Weet jy dit van oudsher? d.w.s. uit watter ver verlede kry jy sulke kennis? Alles wat hy verder sê, is herhaling en beklemtoning van die stelling dat dit met die goddelose sleg gaan. As dit goed met hom gaan, dan is dit maar van korte duur. Hy laat deurskemer dat die rykdom van die goddelose deur afpersing en onderdrukking verkry is (vs. 19), maar dat hy dit op die ou end tog weer moet teruggee. Goddelike ingrype verteer sy tent (vs. 26). Sofar gebruik skerp woorde en sterksprekende beeldspraak, maar die probleem van Job word nie opgehelder nie. Wel is sy antwoord vol van bedekte sinspelings op die manier waarop Job sy rykdom verkry het.

*Tweede antwoord van Job aan Sofar* (hfst. 21)

21:1 Maar Job het geantwoord en gesê:
2 Luister goed na my rede,
en laat dit die vertroostinge wees wat julle aanbied.
3 Verdra my, dat ek ook kan spreek;
en nadat ek gespreek het, kan jy spot.
4 Wat my aangaan, geld my geklaag dan 'n mens?
of waarom sou ek nie ongeduldig word nie?
5 Kyk my aan, en wees verskrik;
en lê die hand op die mond.
6 Ja, as ek daaraan dink, is ek glad verslae,
en verskrikking gryp my vlees aan.
7 Waarom bly die goddelose lewe,
word hulle oud, ja, neem hulle toe in krag?
8 Hulle nakomelinge bestaan voor hulle,
in hul gemeenskap
en hul spruite voor hulle oë.
9 Hul huise het vrede, sonder skrik;
en die roede van God is op hulle nie.
10 Sy stier bespring en mis nie;
sy koei kalf en het geen misdrag nie.

11 Hulle laat hul jong seuns loop soos 'n trop kleinvee,
en hul kinders spring rond.
12 Hulle sing by die tamboeryn en siter
en is bly by die klank van die fluit.
13 In voorspoed slyt hulle hul dae,
en in 'n oomblik sink hulle in die doderyk af.
14 Tog het hulle tot God gesê: Bly ver van ons af;
en: In die kennis van u weë het ons geen behae nie.
15 Wat is die Almagtige dat ons Hom sou dien?
En wat baat dit ons dat ons biddend by Hom aandring?
16 (Kyk, hulle voorspoed is nie in húl hand nie;
die gesindheid van die goddelose is ver van my!)
17 Hoe selde gaan die lamp van die goddelose dood
en oorval hul ondergang hulle –
deel Hy smarte uit in sy toorn?
18 word hulle soos strooi voor die wind,
en soos kaf wat die stormwind wegvoer?
19 Julle sê: God spaar sy onheil vir sy kinders op.
Ek sê Hy moes dit aan homself vergeld,
dat hy kan voel!
20 Sy eie oë moes sy ongeluk sien,
en sélf moes hy drink van die grimmigheid van die Almagtige.
21 Want wat gee hy om sy huis ná hom
as die getal van sy maande afgesny is?

Sofar het met klem beweer dat dit met die goddelose sleg gaan. Job toon nou aan dat daardie stelling nie opgaan nie. Hy het dit vroeër al so terloops gedoen (10:3 en 12:6), maar nou maak hy 'n punt daarvan. Hy sê dat God se houding teenoor die goddelose heeltemal anders is en dat dit hom, Job self, ook verslae maak (vs. 6).

Hy begin met „waarom?". Met hierdie vraag word in die eerste plek 'n feit gekonstateer en daarna sluit die vraag in dat die feit nie reg is nie. „Waarom bly die goddelose lewe, word hulle oud, ja, neem hulle toe in krag?" Dit moet mos nie so wees nie? Job noem egter hulle gelukkige omstandighede op. Hy teken hulle en hulle nageslag se rus en vrede. Hulle kinders huppel rond en met die boerdery gaan alles ook voorspoedig. Die dae gaan verby met sang en musiek, hulle leef lekker, totdat die einde kom en dan is dit ook vredig en normaal (vs. 13 – „in 'n oomblik"; beter: „in vrede").

Bildad het gesê: „die lig van die goddelose gaan dood" (18:5). Maar Job sê: „hoe selde gaan die lamp van die goddelose dood".



En dit betref dan mense wat die Almagtige nie wou dien nie en geen lus het in die kennis van sy weë nie!

Wat Job hier aanroer, is dieselfde probleem as wat Asaf noem in Psalm 73. Asaf het 'n oplossing gekry (vs. 17), maar Job maak daarvan geen melding nie. Die vriende het egter wel 'n oplossing. Hulle sê: God bêre sy onheil vir sy kinders. Die straf kom op die kinders (vgl. 5:4; 20:10). Maar hierdie oplossing kan Job nie bevredig nie. As die vader dood is, weet hy mos van sy kinders niks af nie! (14:21). God moet dit aan homself vergeld, dat hy kan voel! „Sy eie oë moes sy ongeluk sien, en self moes hy drink van die grimmigheid van die Almagtige."

21:22 Wil iemand aan God kennis leer,
Hom wat die hemelse wesens oordeel?
23 Die een sterwe in volkome geluk,
heeltemal gerus en tevrede.
24 Sy emmers is vol melk,
en die murg van sy gebeente word deur en deur bevogtig.
25 Die ander daarenteen sterwe met bitterheid van siel
sonder dat hy van die goeie geniet het.
26 Saam lê hulle in die stof,
en die wurms oordek hulle.
27 Kyk, ek ken julle gedagtes.
en die slim planne waarmee julle gewelddadig teen my optree.
28 As julle sê: Waar is die huis van die tiran,
en waar die woontent van die goddelose?
29 het julle dan nie navraag gedoen by die reisigers nie
(hulle bewyse kan julle tog nie loën nie!)
30 dat die kwaaddoeners gespaar word op die dag van ondergang,
dat hulle weggelei word op die dag van grimmigheid?
31 Wie gee hom openlik sy gedrag te kenne;
en het hy gehandel – wie sal hom dit vergeld?
32 Dan word hy na die graf gebring,
en hulle sorg vir sy grafheuwel.
33 Sag lê op hom die kluite van die dal;
en agter hom trek al die mense aan
soos daar ontelbares voor hom gewees het.
34 Hoe troos julle my dan op so 'n nietige manier?
En julle antwoorde – net troubreuk bly oor!

In vs. 22 kry ons weer 'n tussenwerpsel van die kant van die vriende: „Wil iemand aan God kennis leer, Hom wat die hemelse wesens

oordeel?" Dit is wel 'n raak opmerking (vgl. 39:35). Maar Job gaan ongesteurd verder deur te sê: „Die een sterwe in volkome geluk, heeltemal gerus en tevrede . . . die ander daarenteen sterwe met bitterheid van siel sonder dat hy van die goeie geniet het." Hierby dink Job sekerlik aan homself! 'n Pynlike verskil in lewenstoestande en dit sommer willekeurig. Ook in die dood word dit nie reggestel nie want „Saam lê hulle in die stof, en die wurms oordek hulle" (26).

Daar is nog 'n teenwerping van die kant van die vriende: As dit met die goddelose dan so goed gaan – laat Job dan aanwys waar die huis van die tiran is, waar die woontent van die goddelose. Wel, sê Job, vra die reisigers (toeriste) maar. Hulle sien wat in die wêreld gebeur! Moontlik het hulle graftekens (piramides?) gesien van die geweldiges op die aarde, wat mos ook nie altyd reggedoen het nie?

Die einde van alles is, sê Job, dat die geweldiges ook nog 'n eervolle begrafnis kry. 'n Grafheuwel hou sy gedagtenis in eer. „Sag lê op hom die kluite van die dal". In die graf lê hy nog lekker! Dit is natuurlik 'n digterlike oordrywing, 'n hiperbool; in die mond van Job klink dit soos bitter ironie.

Wat bly daar nou oor van die redenasies van die vriende? En daarmee wil hulle hom nou troos! Dis nietige troos, sê Job. Hulle woorde is bedrog (vgl. 13:12)!

Hiermee eindig die tweede ronde van die gesprekke.

*Derde antwoord van Élifas aan Job* (hfst. 22)

22:1 Toe het Élifas, die Temaniet, geantwoord en gesê:
2 Kan 'n man aan God 'n diens bewys?
Nee, aan homself bewys die verstandige 'n diens.
3 Het die Almagtige daar belang by dat jy regverdig is?
Of is dit voordeel vir Hom dat jy onberispelik wandel?
4 Is dit oor jou Godsvrees dat Hy jou bestraf,
dat Hy met jou na die gereg gaan?
5 Is jou boosheid nie groot
en jou ongeregtighede nie sonder einde nie?
6 Want jy het pand geneem van jou broers sonder noodsaak,
en die klere van die naaktes het jy uitgetrek.
7 Aan die vermoeide het jy geen water gegee om te drink nie,
en aan die hongerige het jy die brood onthou.
8 Maar aan die man van geweld —



aan hom behoort die land;
en die aansienlike – hy moet daarin woon!
9 Weduwees het jy met leë hande weggestuur,
en die arms van die wese is verbrysel.
10 Daarom is daar vangnette rondom jou
en maak die vrees jou skielik skrik.
11 Of sien jy die duisternis nie
en die oorvloed van waters wat jou bedek?
12 Is God nie hemelhoog nie?
En aanskou hoe hoog die hoogste sterre staan.
13 Maar jy sê: Wat weet God?
Kan Hy deur donkerheid heen strafgerig hou?
14 Wolke is 'n bedekking vir Hom,
sodat Hy nie sien nie;
en oor die hemelgewelf wandel Hy.
15 Wil jy die pad van die ou tyd hou,
wat die kwaaddoeners bewandel het,
16 wat gegryp is voor die tyd,
wie se grondslag uitgegiet is soos 'n stroom,
17 wat tot God gesê het: Bly ver van ons af!
en: Wat kan die Almagtige ons aandoen?
18 En tog het Hy hulle huise gevul met wat goed is.
(Maar die gesindheid van die goddelose is ver van my!)
19 Die regverdiges sien dit en is bly,
en die onskuldige spot met hulle en sê:
20 Waarlik, ons teëstanders is verdelg;
en wat hulle laat oorbly het,
het die vuur verteer.

Élifas neem weer die woord en open die derde ronde van die gesprekke. Hy word nou skerp en venynig. Die rede hiervoor is dat hy in Job iets opgemerk het wat hyself nie besit nie, nl. 'n innige verbondenheid aan God. In die teenwoordigheid van sy vriende het Job daarvan getuig toe hy gesê het hy weet sy Verlosser leef, dat hy Hom sal aanskou en dat hy heftig na Hom verlang, 19:25–27. Dit is die egte vroomheid van Job. En dit is iets vreemds vir die vormlike, wettiese vroomheid van die vriende. Sofar het hom daaroor ook vererg en gevra: „Weet jy dit van altyd af?" (20:4). Die wysheid kom mos uit die verlede (vgl.15:8)!

Élifas gaan dieper daarop in en trek die waarde van daardie vroomheid in twyfel deur te vra: „Kan 'n man aan God 'n diens bewys? . . . Het die Almagtige daar belang by dat jy regverdig is?